# Die Efésiese Kerkeeu

Jeffersonville, Indiana, USA

5 Desember 1960

1 Die Here seën julle.

Enigiemand hierbinne ry 'n—'n Dodge, nuwe Dodge, lisensie nommer WX-2129, wat daar oorkant die straat geparkeer staan? Het hulle ligte, hoofligte en alles, aangelos. En as daardie iemand daardie motor bestuur, wel, glip jy uit en skakel jou ligte af. Dis net aan die linkerkant van die straat, reg af in Agtste Straat. Ek skat dis 'n New Albany nommer, WX-2129. 'n Rooi Dodge, nuwe Dodge, dis tenminste 'n '59, '60, of iewers daarrond. En ek het nie geweet of daar iemand hierbinne was of iemand het net … van iewers af nie. Goed, dit was. En so dis 'n goeie ding. Nou, ek gaan nie sê net die dames vergeet dit nie, want ek doen dit ook.

2 Wel, dis sekerlik goed om weer vanaand terug te wees in die diens, en om hierdie goeie tyd van gemeenskap saam te hê rondom die Woord. Geniet julle Dit? [Gemeente sê: "Amen." — Red.] O, dis reg, ons het net 'n wonderlike, wonderlike tyd. En nou vertrou ons dat God ons sal help om voort te gaan.

Nou, my broer het gegaan en 'n swartbord hier gekry, maar dis—dis te kort, dit reik net nie hoog genoeg op nie. So môre, wel, sal ek dit hier probeer regmaak, dit boontoe swaai en dit so maak … Ek wil 'n paar verskillende dinge uitteken wat ek graag wil verduidelik, sodat julle net kan … en net sodat julle seker kan wees dat julle Dit regtig begryp.

3 Daar was … Gisteraand, of gister was dit, my dogtertjie, Sarah, dit was soort van oulik. Moeder en ek het oor haar papiertjie gekyk; sy het my notas geneem. En sy het alles net reg gehad, Jesaja en Matthéüs en alles. En reg aan die einde van die—die papier, het sy "En—en dood … Die graf het nie meer oorwinning daarin nie, en die dood het sy angel uitgetrek." Sy is omtrent sewe jaar oud. En toe het sy in plaas van die "Openbaring," het sy gesê: "Die boek van revolusies." Wel, dit wys hulle is geïnteresseerd om iets te probeer kry, in elk geval, is hulle nie? Ek dink Broer Collins se dogtertjie, sy sit daaragter, en hulle het geskryf ("Revolusie"?): "Dag van revolusies," sê Broer Neville. Hy stem saam met haar. Ek skat ons almal moet dit doen.

4 Wel, ons het regtig 'n wonderlike tyd. Goeiste, die Here is besig om te seën. Ek het ingegaan om te studeer vanmôre, in 'n kamer, net reg nadat ek die kinders by die skool gekry het, en net 'n rukkie gelede uitgekom; het net 'n wonderlike tyd gehad. Gisteraand ook soort van laat gestudeer.

En omtrent twee-dertig in die oggend het mense van noord af gekom, hulle het ons gekry … het my opgekry om te bid vir 'n dogtertjie wat sterwend was. En ek is seker die Here sal haar laat gesond word. Hulle het net afgekom, die hele pad van Bedford, Indiana, om die versoek te vra dat die dogtertjie dan voor gebid moet word. Twee mans was gisteraand in die diens en het al die pad daarheen gery, toe al die pad terug, toe weer die hele pad terug. Waarskynlik heelnag bestuur. En so, dis goed om te weet dat mense daardie soort vertroue het en God glo.

5 O, dis 'n groot dag waarin ons lewe. En ons verwag nou, op hierdie kerkeeue, om net meer en meer te kry.

Nou ons probeer net 'n bietjie vroeg begin elke aand, so ons verdaag vroeg. Hou julle meer daarvan? En dit laat die mense wat moet werk, by die huis kom sodat hulle kan gaan werk. Gisteraand was ons uit omtrent vyf, tien minute na nege, of ten minste was ek klaar. En so is ons bly om al die besoekende predikers by ons te hê vanaand. En ek—ek … Broer Junior Jackson, Broer Carpenter, en ons broer van die kerk daar, en baie ander op die platform hier en uit in die diens.

6 En ek is vandag vertel dat 'n baie kosbare vriend van my wat saam met my in die sendingvelde was, Broer en Suster Andrew van diep binne China, was in die diens gisteraand. Wat 'n wonderlike tyd het ons saam gehad oorkant in die Jamaika hierdie laaste jaar. Ons het 'n wonderlike tyd gehad, ek was by hulle huis. En goeiste, as … Ek wonder of Broer en Suster Andrew vanaand hier in die—in die diens teenwoordig is? Hierdie gebou is net nie reg gebou nie, so … Ja, sit ver daar agter. Ek wonder of julle net soveel kan doen as om op julle voete te staan, Broer en Suster Andrew, net 'n oomblik. Die Here seën julle. Ons is so bly om julle te sien, Broer en Suster Andrew. Ek het hulle genooi om verlede jaar hierlangs te kom toe ek daar was.

7 Nou, sê dit nie in hulle teenwoordigheid nie (ek sou meer sê, maar ek sal dit nie nou sê nie), maar hulle is wat ek ware sendelinge noem. As hulle môreaand inkom, laat hulle hier praat net voor ons inkom. Ek wil hê julle moet hoor wat 'n sendingvelde werklik beteken, toe hulle so diep in die binneland was totdat hulle nie eens iets gehad het om … Wel, hulle is … Ek dink dit was jare en jare en jare wat hulle daar was, en hulle het nooit eens soveel as 'n motor of 'n trein gesien, of enigiets anders, vir jare en jare nie. En hoe Suster hulle brood sou maak van … Hoe sy dit sou knie. En … Nou, dis ware sendeling. Broer Andrew het 'n naald en gare gehad en hy was 'n dokter, hy het hulle almal toegewerk wanneer hulle verskeur was. En ek dink toe die kind se … kinders gekom het, was Suster Andrew waarskynlik vroedvrou en Broer Andrew die dokter. Hulle het net op hulle staatgemaak.

8 En dan toe die sendings van … van Engeland, die Pinkstersendings van Engeland, gesê het hulle was “te oud om terug te gaan in die veld,” (ek sal julle net sê in hoe 'n mate hulle sendelinge is, hulle sou geen gemakstoel gevat en gaan sit het nie) hulle het reguit teruggegaan op hulle eie, terug na Jamaika en doen nou sendingwerk daar. Broer Fred Sothmann en ek hier het die voorreg gehad om na hulle tuiste te gaan en saam met hulle te kuier, en watter pragtige tyd het hulle ons bewys; so—so dierbaar soos Christene kan wees. En ek sê julle, ek sê dit nie om … Ek gee liewer nou 'n klein roosknop as 'n krans nadat hulle weg is. Ek sê vir julle, hulle is waarlik Christene. En ek het vir my vrou gesê dat Suster Andrew een van die dierbaarste, gaafste Christenvroue is wat 'n persoon ooit kon ontmoet. Sy's net … haar karakter is ook in Christus gevorm; en Broer Andrew ook. So, ek is seker as julle almal hulle gesien het, wat nounet opgestaan het, ek wou hê hierdie hele kerk moet hulle hande skud en hulle hoor voordat hulle weggaan.

9 Nou, môre, as die Here wil, wel, ons is … môreaand begin ons met hierdie tweede kerkeeu. Vanaand begin ons met die eerste kerkeeu. Ek is seker die Here het 'n seën in pag vir ons.

En onthou, soos ek tevore gesê het, partymaal kan ons oor hierdie dinge verskil so ver as—as wat die teologie betref. En die meeste van my datums neem ek van die outentieke geskiedkundiges, wat regtig nie geïnteresseerd was in enige kant nie, hulle het net feite neergeskryf, wat dit ook al was, wat die kerke gedoen het. En ek … Natuurlik, die Goddelike deel van die interpretasie, ek probeer dit self daarop plaas, die beste wat ek weet hoe. En somtyds as ek 'n bietjie hard of kras praat soos dit, bedoel ek dit nie op daardie manier nie. Almal weet dit wat my ken, dat ek nie bedoel om dit te doen nie. Ek wil net … Maar ten einde 'n punt te laat vassteek, moet jy … Net soos om 'n spyker in 'n plank te slaan, as jy dit net liggies daar inslaan, sal dit nie hou nie. Jy moet dit indryf en dit vasklink om dit te laat hou. En dis wat ek probeer doen. So dit is nie dat ek sou probeer verskil nie, want ek praat vir alle denominasies, ensovoorts, so dit maak nie … dit nie.

10 Ek het altyd gesê, soos om beeste te brandmerk. Ek onthou jare gelede het ek eendag daar gesit toe hulle … die lente versameling gehad het, die beeste opgevat het in die woud in, en ek het gehelp om die beeste op te jaag na die, wat hulle die dryfheining genoem het, waar die Hereford Vereniging laat wei het—die Troublesome Riviervallei. En ek het daar gesit met my been wat gehang het oor die horing van die saal, en die veldwagter dopgehou toe hy hierdie beeste deur die dryfheining sien gaan het.

Nou, jy moes hê … dis wanneer jy oor die regeringseiendom gaan, en jy moet in staat wees om 'n ton hooi beskikbaar te hê voor jy 'n koei op die weiding kan sit. En elke plaas produseer soveel hooi, soveel beeste, dan kan hulle hulle kry.

11 Nou, hulle het daar deurgegaan met allerhande soorte brandmerke op hulle. Party van hulle het die “Bar X” gehad. Mnr. Grimes reg langs ons daar het die “Diamond T,” 'n T aan die een kant van 'n diamant gehad. Daar was daardie “Lazy K,” reg by die kop van die Troublesome Rivier. Ons s'n was die “Turkey Track.” Net onder ons was die “Tripod.” En daar was allerhande soorte brandmerke wat deur daardie hek gegaan het.

En ek het opgelet die veldwagter het nooit veel aandag aan daardie handelsmerke gegee nie, hy het nooit na hulle gekyk nie. Partymaal was hulle aan die linkerkant van die koei, so hy kon nie die brandmerk gesien het nie. So dit—dit was nie dat hy die brandmerk dopgehou het nie. Maar een ding waarvan hy seker was, dat geen koei daar deurgegaan het tensy dit 'n bloedetiket in sy oor gehad het nie. Dit moes 'n volbloed Hereford wees of dit kon nie op daardie woud gaan nie. Die brandmerk het nie veel verskil gemaak nie, maar dit was die bloedetiket. En ek dink dis hoe dit by die oordeel sal wees. Dit sal nie wees watter brandmerk ons dra nie, maar Hy sal soek na die Bloedetiket: “Wanneer Ek die Bloed sien, sal Ek by julle verbygaan.” [Broer Branham praat met Broer Gene oor die mikrofoonstelsel — Red.] Nou, is ek net 'n bietjie verkeerd, Gene, is ek? Weerklank. Goed … Dis 'n transposisie van tussen die twee, is dit reg? Goed. Dankie Broer Gene. Goed.

12 Nou gaan ons probeer om weer vroeg uit te kom vanaand sodat ons môreaand kan terugkom en hierdie eeue kan neem. En ek sê vir julle, dis so moeilik vir my om sommige van daardie groot dinge wat langs die rand van die pad lê, terug te hou; probeer hulle net almal uitkry in een aand. Julle weet, dis soort van my geaardheid, maar ons moet dit net 'n bietjie terughou tot elke aand.

Nou, net voor ons die groot Boek begin oopmaak, wonder of ons net vir 'n oomblik kan staan vir … Verander jou posisie van … soos ons opstaan, hulle wat kan. En laat ons nou ons hoofde buig, plegtig, vir 'n woord van gebed:

13 Ons Hemelse Vader, ons nader weer U groot Heilige Troon, kom sonder wuif van geloof, want ons kom omdat ons uitgenooi is om te kom. Ons kan nie sê ons kom in die naam van 'n sekere kerk of 'n denominasie, of in die naam van hierdie kerk, of in ons eie naam nie, want ons sou nie seker wees daarvan of ons hierdie oudisie by God kon kry of nie. Maar toe Jesus vir ons gesê het: “Vra julle die Vader enigiets in My Naam, sal Ek dit doen,” dan weet ons ons kom in Jesus se Naam, U gaan ons hoor, Vader.

Ons is so bly as ons lees van die martelare van die dae wat verby is, hoe hulle hulle getuienis verseël het met hulle eie bloed, dan, Vader, dit laat ons voel dat ons so min doen in hierdie dag. En ek bid U, Here, dat U ons—ons—ons nalatigheid sal vergewe, want ons is oor U besigheid. En ons bid dat U ons opnuut salf soos ons lees van U Woord, en die lyding sien wat teweeggebring is in die dae wat verby is om die kanon van hierdie groot losgekoopte Kerk van die lewende God te vorm.

14 Ek bid U, Hemelse Vader, om vanaand deur ons te praat omdat ons nie weet wat om te sê nie; ons wag net en ons vra hierdie gebed hier, want ons is in die Teenwoordigheid van God in Sy Kerk, en ons vra dat die Heilige Gees wat op hierdie mense is, Sy kragte saam sal verenig vanaand en die Evangelie sal uitstort in elke hart, wat ons 'n nuwe standpunt sal gee en 'n nuwe hoop vir die eeu wat aanbreek. Skenk dit, Here, want ons sien die vyeboom wat sy botsels voortbring en Israel wat 'n nasie word, en die Heidense dae wat vervaag en getel is, en ons sien uit na die koms van die groot Verlosser, ons Here Jesus Christus.

Loop tussen ons, Here. Soos gesê is vanaand: "U wandel in die middel van die kandelare," wandel dan onder ons vanaand, Here. En waarsku ons harte van die boosheid wat voorlê, en gee ons begrip van U Woord, want ons vra dit Jesus se Naam. Amen. Julle mag sit.

15 Nou, soos ek elke dag gesê het, ek probeer net soveel op papier neergeskryf kry as wat ek moontlik kan, van tye, plekke, ensovoorts, want dis 'n historiese gebeurtenis wat ons nader. Dit was 'n geskiedenis, en nou kom ons af, ook op die patroon van die tyd.

Nou, Sondagoggend en Sondagmiddag … of Sondagaand, liewer, het ons 'n heerlike tyd gehad. Ek is seker ons het. Ek het, self. En van die Openbaring …

16 Nou, wat bestudeer ons? Die Openbaring van Jesus Christus. En wat het ons gevind dat God die openbaring getoon het en wie Hy was? Die eerste ding wat ons vind van alle openbarings, dat God bekend gemaak het wie Hy was. Dit, Jesus was geen derde persoon van 'n drie-eenheid nie, Hy was die drie-eenheid ten volle. Hy was beide Vader, Seun, en Heilige Gees. En dit was die openbaring. Vier maal in dieselfde hoofstuk gesê dat Hy die Almagtige God was; Hy wat was, wat is, en sal kom; die Wortel en Nageslag van Dawid.

17 Nou vind ons uit, dan, dat in hierdie dinge gaan ons probeer om die hele saak op te klaar, want ek weet nie wanneer ons Dit ooit weer sal hoor nie, miskien nooit, totdat tyd nie meer sal wees nie en sal vervaag in die Ewigheid in. En nou, soos ek sê, daar mag baie broers wees, leraars wat baie beter gekwalifiseerd is om dit te praat as wat ek is, en kan waarskynlik 'n beter interpretasie daarvan kry, maar God het dit op my hart geplaas om dit te doen en daarom sou ek 'n huigelaar wees as ek nie net presies gesê het wat ek gedink het reg was nie. Sien? So, ek—ek wil altyd skoon wees voor God, te alle tye, dat "Ek het nie nagelaat nie," soos Paulus gesê het, "om julle dag en nag te waarsku, met trane, dat die kerk dan in staat mag wees om te staan." As daar enige verlore is, kan die bloed nie op my hande wees nie, want ek wil skoon wees van alle mense se bloed op daardie tyd. So as jy verskil, wel, dis, net op 'n mooi vriendelike manier, dit sal net goed wees. Nou, maar, miskien sal die Here iets openbaar wat ons almal sal help, saam.

18 Nou, die eerste ding, ons sien dat Hy Homself geopenbaar het. Nou verstaan ons wie Hy was.

Nou, verder, toe ek daardie aanhaling gemaak het oor die besprinkeling en doop in die naam van "Vader, Seun, Heilige Gees" synde 'n Katolieke doop en nie 'n Protestantse of 'n Nuwe Testament doop nie, hoop ek het ek dit duidelik gemaak. En ek het enige persoon gevra wat 'n teks van die Skrif sou wys waar enigiemand ooit gedoop is in die Bybel of tot met die Laodicése Raad waar hulle die Katolieke kerk gevorm het, waar enigiemand ooit gedoop is in die naam van "Vader, Seun, Heilige Gees", kom wys my asseblief. En ek sou op my rug sit: "'n valse profeet," en deur die straat gaan. Nou, ek maak dit net … nie om hard te wees nie, maar net om julle te wys dat dit die Waarheid is. Sien?

19 Nou, dan openbaar die Bybel Hom hier, dat Hy die Almagtige God is, vlees onder ons. Sien? Geen Vader, Seun, en Heilige Gees nie; dis nie drie gode nie, of een God wat op drie plekke gekap is nie. Dis een God wat in drie ampte gewerk het: die Vaderskap, Seunskap, en die Heilige Gees. God wat neerdaal uit die tuin van Eden, probeer om Sy weg terug te vind in menslike harte, om te lewe en weer seuns en dogters van God saam met Hom te wees. Dis God bo ons, God met ons, God in ons. Dis die verskil. Sien?

En nou daardie dinge, en die Bybel openbaar dit en het dit deeglik gesê in die 1ste hoofstuk van Openbaring; wat die enigste Boek in die Bybel is, in die Nuwe Testament, die hele kanon van die Nuwe Testament, is die enigste Boek waarop Jesus Sy eie seël geplaas het. En Hy het gesê, die eerste Daarvan: "Geseënd is hy wat lees en hy wat hoor." En aan die einde het Hy gesê: "As enige mens enige deel Daarvan sal wegneem, of enigiets Daaraan toevoeg, sal dieselfde, sy deel, uit die Boek van die Lewe geneem word." So dis 'n vloek vir enigeen om enigiets weg te neem, hierdie is die volledige Openbaring van Jesus Christus. So as ons Hom drie maak, weet julle wat gebeur het. Sien, jou naam gaan uit.

20 En niemand, geen Protestant, geen vroeë kerk het ooit in drie gode geglo nie. Dit was 'n groot probleem by die Niceense Raad, en albei van hulle het op takke uitgegaan; uit *hierdie* kant toe, so te sê. Die trinitariërs, die drie-enige mense wat geglo het in die drie-eenheid, wat uiteindelik gevorm het in die Katolieke kerk, hulle het na die volledige drie-eenheid gegaan, wat God "drie" mense gemaak het. En daar was een wat geglo het dat God "een" was, en hulle het na die ander kant gegaan om 'n *eenheidsman* te wees. Albei van hulle is verkeerd. God kan nie …

Jesus kon nie Sy eie vader wees nie, en Jesus kan ook nie 'n vader hê nie en Hy die … daar sou drie gode wees. Dit—dit kon nie werk nie. Want as Hy 'n vader het, en 'n vader is 'n ander man buiten Hom, dan het Hy gehad … en die Heilige Gees is nog een, is Hy 'n buite-egtelike kind. Die Bybel het gesê dat die Heilige Gees Sy Vader was. En as ons die Heilige Gees het, dan is dit nie die Heilige Gees nie, dis die Vader in ons in die naam van die Heilige Gees, wat die amp in ons gebruik, want dit was eenmaal in 'n man genaamd die Gees, en kom terug en Dis in ons nou, dieselfde Jehova God. Sien?

21 Daar is geen drie gode nie. Drie gode is heidens en goddeloos, en dit was oorgebring. En as jy net deur die week sal bly en nie bevooroordeeld sal wees nie, maar kyk, neem dit, geskiedenis. Neem dieselfde geskiedenis wat ek doen of enigiemand, enige geskiedenis. Laat ons dit net weet, dat alle geskiedenis met mekaar ooreenstem. Daardie geskiedkundiges het niks te doen met enige kant nie, hulle het net belang gestel om feite te noem, wat gebeur het. En kyk presies hoe daardie ding ingekruip het deur Luther en uitgekom het deur Wesley, en toe ontbloot in die laaste dae, die doop in die naam van "Vader, Seun, en Heilige Gees." Kyk net waar kom dit in die Katolieke kerk, in die Donker Eeue, kom uit deur Luther, af deur Wesley, maar tussen Wesley en die Laodicése (aan die einde) moes dit ontbloot word. Dis reg. Nou, en dit is alles geskiedenis, en nie net geskiedenis nie, maar dis die Bybel.

22 En nou, vanaand nader ons Sewe Kerkeeue wat sewe kerke was in Klein-Asië ten tye van die skryf van die Boek. Hierdie kerke op daardie tyd moes die karaktertrekke gehad het van die kerkeeue wat sou kom, omdat dit … Daar was meer kerke as dit, die Kolossense kerk en baie ander op daardie tyd, maar God het hierdie kerke gekies vanweë hulle karaktertrekke.

Nou, ons vind dat Hy gestaan het in die middel van die sewe goue kandelare, Hy het in Sy hand sewe sterre gehad. En daardie sewe sterre, het Hy gesê, in die 20ste vers van die 1ste hoofstuk, dat "Hulle is sewe engele vir die sewe kerke."

23 Nou, in die Bybel het hulle nie hierdie Openbaring verstaan nie. Want, watter nut sou dit vir hulle hê om dop te hou en te wag as hulle geweet het daar sou duisende jare wees voor Jesus gekom het? Dit was nie vir hulle gegee nie.

En ek sê vir hierdie, vir julle mense hier, julle Katolieke mense, vir julle Lutherane, vir julle Metodiste, ensovoorts, dit is nie gegee aan Martin Luther, die Lig wat vandag op die Woord is nie. Dit is ook nie aan John Wesley gegee nie. John Wesley het heiligmaking gepreek wat Luther oorgeslaan het. En die Lig kom soos ons behoefte het aan Lig. God sê Dit, en Dit word nie oopgemaak vir ons nie, want Dit is verborge vir ons oë tot die dag dat God in staat is om Dit te openbaar. Wonder wat dit sal wees nadat ons weg is? Ja, ek is oortuig dat daar baie, baie meer is waarvan ons niks weet nie. Dit is reg. Daar's Sewe Seëls, as ons net die volledige Boek van Openbaring neem, wat verseël is aan die agterkant van die Boek. Dit is nie eens … is nie in die Boek geskryf nie. En daardie Seëls moet geopen word gedurende hierdie kerkeeu, en die sewe laaste verborgenhede van God moet geken word … bekend gemaak word. O, ek wil dit net die hele winter hou en daardeur gaan. Ja, meneer! Die Sewe Kerkeeue.

24 Soos Daniël die sewe donderslae gehoor en verbied was; en Johannes het die stemme gehoor, en hierdie Boek is verseël, en die agterkant van die boek is verseël met Sewe Seëls; maar in die dae van hierdie Seëls om oopgemaak te word: "Die verborgenheid van God sou volbring wees." Met ander woorde, God sou bekend wees aan Sy Kerk; nie in drie mense nie, maar as een Persoon. "Die verborgenheid van God sou geopenbaar word," en wanneer dit heeltemal geopenbaar is, dan sou die sewe verborgenhede oopgaan vir die Kerk; want daarin sou die Kerk lewe onder die inspirasie van die Heilige Gees, Hy beweeg in en uit en wys Sy tekens van lewend te wees en onder ons, lewe tussen ons, en ons aanbid dan die lewende Christus wat tussen ons is.

25 Moet nooit soek na groot kerke en groot dinge nie. Wanneer ons by hierdie Pinkstereeu kom, sal julle sekerlik sien waar hulle verloor het. Die einste kerk *Laodicea* beteken "ryk, behoefte aan niks," en naak, ellendig, blind, beklaenswaardig, en weet dit nie. Sien? Hulle het agter groot geld aangegaan, en geboue, en alles anders.

Terwyl die Kerk altyd die—die uitgeworpenes van die aarde was. En hier was hulle: gehaat deur alle mense, uitgewerp, in stegies, oral waar hulle kan woon. Lees Hebreërs 11, en neem die laaste ses of agt verse daarvan, hoe "hulle rondgedwaal het in woestyne, en—en skaapvelle en bokvelle gedra het, en behoeftig was, en verdruk, en gekwel." Daardie mense daar, hoe sal ons getuienis teen hulle s'n opstaan in die Oordeelsdag? Sien, daardie mense in daardie dag.

26 Nou, in hierdie kerkeeu … Ons het sewe kerke, nou wil ek dit uitgeplaas kry. Ek dink nie julle kan dit van hier af sien nie, miskien as party van julle kon, ek betwyfel dit baie, maar ek sal probeer om dit te maak (ek weet julle kon nie, wat hierbinne sit), dit maak Sewe Kerkeeue. Ek sal dit op my hand hou sodat julle sal verstaan.

Dit begin, die Kerk begin by Pinkster. Kan enigiemand dit ontken? Nee, meneer! Die Kerk begin by Pinkster met 'n Pinkster Seëning, en is deur Jesus Christus verordineer om voort te gaan tot die laaste dag met dieselfde Boodskap en dieselfde seëning wat in ons werk. Sy laaste opdrag aan Sy Kerk, Markus 16: "Gaan in die hele wêreld in, verkondig die Evangelie, hierdie tekens sal hulle volg wat glo." Nou, waarheen? "Aan die hele wêreld." Aan wie? "Elke skepsel." Swart, bruin, geel, wit, watter skepsel dit ook al was, verkondig die Evangelie aan elke skepsel. "Vir hulle wat glo, sal hierdie tekens volg." Nou, vanaand is ons besig om daarop in te sny, begin net in te sny vanaand, sny elke aand 'n groter stuk Daarvan af totdat ons by ons eie kerkeeu kom. Nou, ons vind dat dit Sy opdrag was.

27 Nou, die eerste kerkeeu was die kerk van Efése. Die tweede kerkeeu was Smirna. Die derde kerkeeu was Pérgamus. Die vierde kerkeeu was Thiatire. Die vyfde kerkeeu was Sardis. En die sesde kerkeeu was Filadelfia. En die sewende kerkeeu was Laodicea.

Nou, die eerste kerkeeu het begin ongeveer 53 n.C., toe Paulus die kerk gestig het in—in Efése. Op sy sendingreis het hy die kerk gestig by—by Efése, die Efésiese kerk, en was die pastoor daarvan totdat hy onthoof is in 66, wat hom omtrent twee-en-twintig jaar die pastoor van die Efésiese kerk gemaak het. Na sy dood word ons dan vertel dat Paulus … of Johannes die goddelike die pastoor van die kerk geword het en dit voortgedra het tot in hierdie eeu, en die kerkeeu het oorgeslaan na 170.

28 Toe na die Efésiese Kerkeeu, vanaf 53 n.C. tot n.C. 170, toe begin in die Smirna Kerkeeu wat geduur het vanaf n.C. 170 tot n.C. 312. Toe kom in die Pergamos Kerkeeu, en die Pergamos Kerkeeu begin by 312 en het geduur tot 606 n.C. Toe kom in die Thiatire Kerkeeu, en die kerkeeu van Thiatire begin by 606 en gaan na 1520, die Donker Eeue. En toe het die Sardis Kerkeeu begin by 1520 en geduur tot 1750, die Lutherse eeu. Toe vanaf 1750, die volgende eeu wat ingekom het was die Filadelfiese, Wesley eeu; Dit het begin by 1750 en het geduur tot 1906. En teen 1906 het die Laodicése Kerkeeu begin, en ek weet nie wanneer dit sal eindig nie, maar ek voorspel dit sal teen 1977 gedoen word. Ek voorspel, nie die Here het vir my gesê nie, maar ek voorspel dit volgens 'n visioen wat vir my gewys is 'n paar jaar gelede, dat, vyf van daardie dinge alreeds (uit die sewe) plaasgevind het.

29 Omtrent … Hoeveel onthou daardie visioen, in die kerk? Sekerlik. Het gesê dat, hoe selfs Kennedy verkies sou word in hierdie laaste verkiesing. Hoedat vroue toegelaat sou word om te stem. Hoedat Roosevelt die wêreld oorlog toe sou neem. Hoedat Mussolini sou gaan na Ethiopië, sy eerste inval, en dit sou neem; dit sou die einde wees, hy sou daarna afsterf. Hoe hierdie groot ismes sou opstaan en almal terugval in Kommunisme; Hitlerisme, en Mussolini, en Ko- … Nazisme, ensovoorts, sou almal terugval in Kommunisme. En elf jaar tevore het dit gesê dat "Ons sou oorlog maak met Duitsland, en Duitsland sou versterk wees agter beton," die Maginot Lyn. Dit het net so gebeur. Het toe gesê, daarna, sou plaasvind dat … vervul sou word dat wetenskap so grootliks sou toeneem totdat hulle 'n motor sou uitvind, die motors sou meer soos "eier" word die heeltyd. En daardie visioen is net hier vertel waar die Kerk van Christus nou staan, by die ou Mes- … weeshuis. Charlie Kern, miskien in die gebou vanaand, het destyds by die plek gewoon. Een Sondagoggend omtrent sewe-uur het dit gebeur. En Dit het gesê: "Dan sou dit gebeur dat hulle 'n motor sou uitvind waar hulle nie 'n stuurwiel daarin nodig gehad het nie, dit sou beheer word deur een of ander soort krag." Hulle het dit nou. Hulle het dit nou, in magnetiese krag, radar beheer. Hulle doen nie eens … stel net jou radar waarheen jy gaan, dit neem jou self, hoef nie te stuur nie.

30 Nou, en dit het daarin gesê: "Op daardie tydstip sou daar 'n groot vrou opstaan in die Verenigde State." En sy was geklee en pragtig, maar sy was wreed van hart. En ek het tussen hakies op die visioen gekom, selfs geel papier, gesê: "miskien die Katolieke kerk." En die vroue wat toegelaat word om te stem, sal help om die verkeerde persoon vir hierdie nasie te kies. En dis wat hulle gedoen het. Presies. Nou, gesê: "Dit sou die begin wees."

Nou nog 'n ding wat dit gesê het, dat … Toe onmiddellik daarna het ek hierdie nasie smeulend gesien, net in stukke geblaas. Nou, as daardie dinge gebeur het, so sal hierdie ander. Ons is by … Dis waarom ek vanaand hier is om dit te probeer bring en dit aan hierdie mense by Jeffersonville te stel, want ek maak gereed om binnekort weer die sendingvelde binne te gaan, en weet nie watter tyd ek weggeroep mag word of weggeraap nie. Ek—ek … ons weet dit nie. En ek wil seker wees dat ek … laat die kerk weet die uur waarin hulle lewe, want Almagtige God sal my daarvoor verantwoordelik hou.

31 Nou—nou, elkeen van hierdie kerke, volgens die Skrif daar, het 'n engel gehad. En die engel was 'n … Hoeveel weet wat 'n *engel* beteken? Dis 'n "boodskapper," 'n boodskapper. En daar—daar was *sewe engele* vir die sewe kerke, wat "sewe boodskappers" beteken het. Nou, en hulle was sterre in Sy hand. En in Sy hand hierdie—hierdie twaalf … hierdie sewe sterre wat die Lig van Sy Teenwoordigheid moes

reflekteer in die dag van die nag waarin ons gelewe het. Soos die sterre die son na die aarde reflekteer, dit lig maak sodat ons kan loop, en in die nag rondgaan.

Nou ons vind dan uit, dat gedurende hierdie tyd, dat elkeen van daardie engele 'n posisie en plek gehad het. En, broers, vanaand kom ons nie daarby nie, want ons ken hierdie engel van die eerste kerk, maar dit gaan 'n geheimsinnige en glorieryke ding wees om te vind en uit die geskiedenis te trek, voor julle, die engele van hierdie ander kerke. Die engel van die eerste kerk was Paulus, hy het dit gestig, God se boodskapper. Die engel van die kerk van Efése was Paulus. Die kerk … Nou, die rede waarom ek …

32 Nou, oor hierdie ander mag julle verskil, maar ek het daar gesit vir dae en dae onder inspirasie totdat ek die Heilige Gees my gevoel tref en my daarvoor gesalf het. Dis die rede waarom ek weet. En hou hierdie manne dop wat gekies is, as jy 'n geskiedkundige is, hulle … Dieselfde manne wat ek hier het, en weet deur openbaring dat hulle die engele vir die kerk was, hulle het dieselfde bediening gehad as wat hulle aan die begin gehad het. En daardie bediening kan nie verander nie, dit moet pinkster bly die hele pad deur.

33 Nou, historici wat hier sit gaan met my verskil oor hierdie man; maar op die kerk van Smirna, Irenaeus is wie ek weet wat die engel van daardie dag was. Polikarpus, baie van julle sal sê dit was Polycarpus, eerder sou julle sê dit was hy. Maar Polikarpus het meer gesteun op die organisasie en op die Katolieke opkomende godsdiens. Maar Irenaeus was 'n man wat in tale gespreek het, en die krag van God gehad het, en tekens het hom gevolg. Hy was God se Engelelig, en hy het die Lig oorgetrek nadat Polycarpus gekruisig of vermoor, vermoor is, toe was Irenaeus een van sy studente, en Polikarpus was 'n student van Paulus … of Johannes. En toe het Irenaeus sy plek geneem, en hy het die Lig gebring.

34 En die engel van die Lig van—van Pérgamus was die groot Sint Martin. Ek glo nie daar was 'n groter man wat ooit op aarde gelewe het, buite Jesus Christus, as Sint Martin nie. Krag? Die sluipmoordenaars het na hom toe gekom om sy kop af te kap (hy het geglo in tekens en wonders en die Pinksterseëning), en toe hulle gegaan het om hom te vermoor, het hy sy mantel teruggetrek en sy nek na hulle toe uitgehou. En toe die sluipmoordenaar die swaard uitgetrek het om sy kop af te kap, het die krag van God hom reg weg van hom af geslaan, en hy het op sy knieë gekruip om hom te vra vir …?… Amen. Hy was 'n engel aan die kerk.

Ander dinge. Kyk hoe hy … Een van sy broers was gehang, hy was oppad om hom te probeer vind, te sien wat plaasgevind het. En toe hy daar kom, het hulle hom klaar gehang. Hy het uitgestrek gelê, dood, en sy oë het uit sy kop gepeul. Hy het na hom toe gegaan en op sy knieë neergeval en sy liggaam oor hom gelê vir 'n uur, gebid tot God. En die krag van God het op die man gekom en hy het opgestaan, sy hand gevat en net daar met hom weggestap. Dis geskiedenis, net soos George Washington, Abraham Lincoln, of wat nog. Dis geskiedenis.

Ja, meneer! Sint Martin was die engel vir die Pérgamus kerk, wat, die huwelik kerk wat hulle oorgeneem het na Katolisisme daarna.

35 Die engel van die kerk van—van Thiatire was Columba.

Die engel van die kerk van Sardis, die dooie kerk … Die woord *Sardis* beteken "dood." Kom uit met 'n naam, nie Sy Naam nie: "Maar 'n naam dat jy lewe, maar jy's dood." Kyk hoe hulle daardie doop uitgebring het in daardie dag. Sien, kom daaruit. Die engel van die kerk van Sardis was Martin Luther, die eerste hervormer.

Die engel van die kerk van Filadelfia was John Wesley, die boodskapper.

En die engel van die kerk van—van Laodicea is nog nie bekend nie. Dit sal eendag wees, maar miskien sal hy … op aarde. "Hy wat 'n oor het …" [Leë kol op band — Red.] … weet dit is die eeu waarin ons lewe. God sal die oordeel daarvan doen.

36 Nou, let nou op, en ons sal nou by die Skrifte kom, terug na die eerste kerkeeu. Nou wil ek graag … Ek het 'n paar dingetjies hier neergeskryf wat ek graag wil hê julle aandagtig na moet luister.

Die eerste kerk, die Efésiese kerk, die werke van die kerk, waarvoor God hulle veroordeel het, was werke sonder liefde. Hulle beloning was die Boom van die Lewe.

Die kerk van Smirna was 'n vervolgde kerk, het deur verdrukkings gegaan. Beloning was kroon van die Lewe.

Die derde kerk, Pérgamus, die eeu van valse doktrine, Satan se leuen, en die grondlegging van die pouslike heerskappy, huwelik met kerk en staat. Die beloning was verborge manna en 'n wit klip.

Die kerk van Thiatire was die kerk van die pouslike verleiding, die Donker Eeue. Beloning was mag en heerskappy van nasies, en die Môrester. Dis die klein minderheid wat deurgegaan het.

37 Die kerk van Sardis was die hervormingstydperk, die groot sendeling … of nie sendeling nie, maar die verborge name, hulle het hulle eie name gehad. En die beloning was wit klere, en naam op die Boek van die Lewe (wat in die oordeel moet kom). Ons het dit nou die dag gehad, die Boek van die Lewe; jy moet geoordeel word uit die Boek van die Lewe. Die Heiliges word verander en daarsonder geneem, hulle gaan nie daarnatoe nie.

Die Filadelfiese Kerkeeu was die eeu van broederliefde, die groot opdrageeu en die groot sendingeeu, die oop deur. En die beloning was 'n—'n pilaar. Openbaar die name van God wat moes wees gedurende—gedurende hierdie eeu, toe dit uitgegaan het rondom 1906. Goed.

Die Laodicése eeu was die louwarm kerk, ryk, het baie besittings gehad, sonder behoefte aan enigiets; maar was ellendig, arm, blind, en beklaenswaardig, en naak. En die beloning was om op die Troon te sit saam met die Here, diegene wat daardie eeu oorwin het.

38 Nou om af te breek, vanaand, om julle 'n bietjie te wys oor die diens vanaand, gaan ons die 2de hoofstuk neem, die eerste kerkeeu. Nou ons …

Hy's geopenbaar en ons weet wie Hy is, Hy's God!

Nou, die kerkeeu het begin soos ek gesê het, rondom 53, tot 170. En (a) die stad Efése, een van die drie groot stede van Asië; dikwels die derde stad van Christelike geloof genoem (eerste was Jerusalem; tweede, Antiogië; en derde, Efése) … (c) 'n stad van groot koophandel en handeldryf … (e) die regering was Romeins … (f) die taal Grieks. Geskiedkundiges glo Johannes, Maria, Petrus, Andreas, en Filippus is almal daar begrawe. En Efese was bekend vir sy skoonheid.

39 Christendom in Efése was waar die Jode gewoon het, by Efése. En dit is gestig omstreeks 53 of 55 n.C. Christendom is daar geplant deur Paulus. Later het Paulus drie jaar by Efese deurgebring. Paulus se lering het groot invloed uitgeoefen op die gelowiges in Efése. Volgende, Timótheüs was die eerste biskop van die kerk in Efése. Paulus het aan die kerk in Efése geskryf. In Paulus se tyd was dit 'n groot kerk.

Efése beteken … die einste naam *Efése* beteken "laat gaan, ontspan, afgedwaal." Genoem deur God: "Die teruggevalle kerk." God—God het eers hulle werke erken, hulle arbeid, en hulle lydsaamheid. God het hulle lewenswyse bestraf omdat hulle hul eerste liefde verlaat het, vir afvalligheid, en om nie meer Lig te dra nie. Efése was nie 'n misleide kerk nie, dit het vanself gefaal deur nie in volmaakte liefde voort te gaan nie.

40 Samevatting van Efése: Vrugte, sonder liefde, het gelei tot afvalligheid. Die beloftes: Paradys belowe aan die oorwinnaar, van die heiliges van Efése in die kerkeeu, gegee aan die Boom van die Lewe.

Hier's 'n pragtige ding. Die Boom van die Lewe word drie keer genoem in Génesis, drie keer in Openbaring. Die eerste keer wat dit genoem is in—in Génesis, was in Eden, en Christus was die Boom. Die drie kere wat dit in Openbaring genoem is, was Christus in die Paradys. O, dis ryk. Die Here seën.

41 Nou begin ons die 1ste hoofstuk van Efése … of die 1ste vers van die 2de hoofstuk, die Efésiese kerk:

> *Skryf aan die engel van die gemeente in Éfese: Dít sê Hy wat die sewe sterre in sy regterhand hou, wat wandel tussen die sewe goue kandelaars:*

Johannes is die—die boodskapper op daardie tydstip. Wandelend in die midde van hierdie sewe goue kandelaars was Jesus Christus, die Almagtige God. Wat doen Hy? Hy het nie gesê Hy het in *een* kandelaar gewandel nie, Hy het gewandel in die midde van hulle almal. Wat dui dit aan? Dat Hy dieselfde God is, gister, vandag, en vir altyd, en in elke kerkeeu vir elke gelowige. Hy kom na … met die Heilige Gees na elke eeu en na elke persoon; dieselfde gister, vandag, en vir altyd.

42 "Hou in Sy regterhand." *Regterhand* beteken Sy "gesag en krag." Hou in Sy regterhand (onder, beheerd) die sewe boodskappers vir die sewe kerkeeue. O, ek hou daarvan. Sien Hom rondloop deur hierdie kerkeeue, die Christus, maak Homself bekend aan Sy mense deur hierdie Donker Eeue, af deur elke eeu; terwyl die kerk formeel geraak en uitgetrek het, en party na een kant toe gegaan het en party na 'n ander, maar daardie klein minderheid van die kerk het steeds vasgehou, en Christus het met hulle gewerk, Sy Woord bevestig; kronkel Dit regdeur.

43 Dit is so maklik om te sien hoedat ons het wat ons vandag het, wanneer julle dit begin bestudeer. Nou, hier aan die begin … Ek glo almal van julle kan so hoog sien. [Broer Branham illustreer op 'n swartbord — Red.] Hier is een kerkeeu, dis Pinkster. Die tweede kerkeeu, derde, vierde, vyfde, sesde, sewende kerkeeu. Nou as julle dit baie goed sal oplet, begin die Kerk by Pinkster. Hoeveel glo dit? Sien julle wat gebeur het by Pinkster? Dan hou ons die kerk dop soos dit afgaan. Dit begin net 'n bietjie meer vervaag, 'n bietjie verder, 'n bietjie verder; 'n klein bietjie, dis af soos *dit* terwyl die werklike ware Kerk uitgaan.

Nou, die Christus … maak nie saak hoe klein die Kerk is nie: "Waar twee of drie in My Naam vergader, sal Ek in hulle midde wees." Wanneer hulle saam vergader is in wat? In die naam van die Metodis? Naam van die Baptis? Naam van die Pinkster? Naam van Jesus! Waar twee of drie saam vergader, maak nie saak hoe min dit is nie. En hulle gaan so min wees in die laaste dae sodat Hy gesê het Hy sou vinnig moes kom en die werk kortknip, of daar sou geen vlees gered word vir die Wegraping nie. "Waar ook al twee of drie in My Naam vergader!"

44 Nou, die eerste rondte, die apostels. Nou, ons sien dit is die begin, Pinkster. Hy loop rond, dieselfde groot God, dieselfde groot tekens moes plaasvind regdeur hierdie eeue, omdat Hy onder elke eeu gewandel het. Seën wat? Sy mense wat vergader is in Sy Naam.

Ek wil hê julle moet hierna oplet soos ons deur die kerk gaan. *Hierdie* kerk het Jesus se Naam gehad. *Hierdie* kerk het Jesus se Naam gehad. *Hierdie* kerk het Jesus se Naam gehad. En *hierdie* kerk het Dit verloor. *Hierdie* kerk het uitgekom, die Lutherse eeu, met "'n naam dat jy lewe, maar jy's dood." En gaan reguit af tot aan die einde van *hierdie* eeu; en tussen hierdie eeu en *hierdie* eeu is daar 'n oop deur gesit wat daardie Naam weer terugbring na die kerk. Nou kyk en sien of dit die Waarheid is, nadat ons dit hier in die Skrifte kry. Daar tussen die—die eeue.

45 Nou, môreaand sal ek probeer om hierdie hier te sit sodat ons dit almal kan sien. En ek sal miskien môremiddag afkom en dit teken vir … sommige van die—die planne waaroor ek met julle wil praat. En as enige van julle die geskiedenis het, bring hulle saam. Of neem jou notas en gaan af na die biblioteek of iewers en kry die geskiedenis, en lees dit en kyk of dit reg is.

46 Nou die 1ste vers. Wat doen Hy? Hy groet hulle.

> *Skryf aan die engel van die gemeente in Éfese* (aan Johannes)*: Dít sê Hy wat die sewe sterre in sy regterhand hou, wat wandel tussen die sewe goue kandelaars:* (dis 'n groet)

Nou die 2de vers en die 3de vers, prys Hy hulle:

> *Ek ken jou werke en jou arbeid en jou lydsaamheid, en dat jy slegte mense nie kan verdra nie; en dat jy dié op die proef gestel het wat sê dat hulle apostels is en dit nie is nie, en hulle leuenaars bevind het;*

Sien, daardie afvalligheid het alreeds begin intree, in hierdie eerste eeu. Het alreeds net daar begin; omdat die uitverkore en ware Kerk wat die voorskrifte van die Bybel wou onderhou, en die Woorde wou onderhou wat Jesus gesê het in Sy getuienis, hulle het alreeds begin wegtrek. Iets het begin gebeur, en daar het valse leraars opgestaan, mense wat verkeerd onderrig het, teenstrydig met die Skrif, probeer iets inbring of iets byvoeg.

Dis die rede waarom Hy hierdie openbaring aan die kerk gegee en gesê het: "Wie ook al wegneem of byvoeg, jou deel sal uit die Boek van die Lewe weggeneem word." Dis verlore, broer! Moet net nie inmeng met God se Woord nie! Maak nie saak wie Dit seermaak of wat Dit seermaak nie, sê Dit in elk geval. Net soos Dit daar geskryf is, dis die manier. Ons het nie enige groot iets anders nodig nie, ons het nie enige priester of enigiets nodig om Dit vir ons te interpreteer nie, God die Heilige Gees is die interpreteerder. Hy gee die interpretasie.

47 Nou, as julle oplet, wegdraai van die kwaad en vind die valse profete, daarna is hulle as vals bewys, met 'n vorm van godsaligheid. Sien julle hoe die kerk formeel begin word gedurende daardie tyd? Hulle het begin om soort van die mense af te breek wat onder die inspirasie van die Heilige Gees is, begin om mense soort van te bespot.

Wel, het Jesus nie gesê: "Geseënd is julle wanneer julle vervolg word ter wille van geregtigheid" nie? Hy het nooit gesê om formeel te begin word nie. Hy het gesê: "Verbly julle, en wees baie bly, want hulle het die profete vervolg wat voor julle was." Hy het gesê dat, was in die saligsprekinge, in Matthéüs 5: "Geseënd is julle!" Wel, om mense te hê om met jou te spot omdat jy die Here Jesus liefhet, is 'n seëning net om hulle dit te laat sê. Hulle is net … Wanneer hulle jou vervloek, bring hulle God se seëninge op jou af. Dit plof terug op hulle, soos dit op Bileam gedoen het daardie tyd. Dit—dit plof terug op hulle. Wanneer hulle probeer spot met jou as 'n Christen, wel, dit plof terug op hulle, en God gee 'n seën, want: "Geseënd is julle wanneer mense julle sal vervolg om My Naam ontwil." Om Sy Naam se onthalwe: "Geseënd is jy!"

48 Nou vind ons uit dat hulle wou begin en in 'n vorm van godsaligheid kom.

Nou, ek kan net hier stop en iets sê, glo ek sal. Het julle opgelet dat elke herlewing … Nou, predikerbroers, gaan dit na. Elke herlewing bring tweelinge voort, net soos Jakob en Rebekka tweelinge voortgebring het: Esau en Jakob. Ek bedoel Isak in plaas van … Isak en Rebekka, in plaas van Jakob. Isak en Rebekka het tweelinge voortgebring. Die vader was heilig, die moeder was heilig, maar hulle het twee seuns gebore gehad: Esau en Jakob.

Nou, albei van hulle was godsdienstig. Maar Esau, wanneer dit kom by werke en dade as 'n goeie legalis, was hy waarskynlik 'n beter seun al die pad as wat Jakob was. Het julle dit geweet? Jakob was net 'n klein seuntjie wat die heeltyd om sy mamma rondgehang het. Maar Esau het uitgegaan en gewerk, uitgegaan en wildsvleis gekry om vir sy ou blinde pappa te gee wat 'n profeet was, hy het vir hom probeer sorg. Maar Jakob het net een ding in gedagte gehad, hy wou daardie geboortereg hê! Hy het nie omgegee hoe lank hy moes rondhang of wat hy ook al moes doen nie, die belangrikste ding in sy lewe was die geboortereg! En Esau het dit verag.

49 Nou sien julle nie die natuurlike mens—die natuurlike mens nie? Wanneer 'n herlewing kom, is daar twee klasse mense wat uit elke herlewing kom. Daar is 'n natuurlike man wat gaan, en hy sal na die altaar toe kom en sê: "Ja, meneer, ek aanvaar Christus as my Verlosser." Hy sal uitgaan, en wat doen hy? Die eerste ding wat jy weet, hy sal beland in een of ander goeie koue, formele kerk, want hy dink: "Wel, as ek by die kerk aansluit, is ek net so goed soos die volgende man. Is ek nie net so goed soos *So-en-so* nie? Watter verskil maak dit solank ek aan die kerk behoort en my belydenis maak?" Wel, dis 'n hele klomp verskil. Jy moet wedergebore word. Jy moet die geboortereg hê.

En Jakob het nie omgegee hoeveel hy voor gelag is nie. Hy wou daardie geboortereg hê en hy het nie omgegee hoe hy dit moes kry nie.

50 Nou, baie mense wil nie die geboortereg kry nie, want hulle dink dat Dit net 'n bietjie ongewild is. Hulle wil nie by die altaar gaan en 'n bietjie huil, of sonder 'n paar maaltye gaan, en—en iets anders nie. Hulle—hulle—hulle—hulle wil dit nie doen nie. Baie van die vroue … 'n klomp, julle weet, mani- … grimering aan, hulle dink as hulle sou huil sou hulle dit dalk afwas, moet dit weer opsit. Wel, hulle … dis … En ek bedoel nie om daardie ontheiligend te sê nie, ek hoop dit klink nie so nie, maar dis die waarheid. Hulle wil Dit net nie hê nie. Hulle wil nie die Nuwe Geboorte hê nie, want die Nuwe Geboorte is soort van morsig. Dis soos enige ander geboorte. Enige geboorte is 'n gemors, ek gee nie om waar dit is nie. Of dit in 'n varkhok of in die skuur is, of as dit in 'n pienk versierde hospitaalkamer is, dit is 'n gemors.

En so is die Nuwe Geboorte 'n gemors! Amen. Dit sal jou dinge laat doen wat jy nie gedink het jy sou doen nie; staan op 'n hoek en slaan 'n tamboeryn, of sing: "Glorie aan God! Halleluja! Prys God! Glorie aan God!" Wel, jy sal optree soos 'n maniak. Dis wat dit aan die apostels gedoen het, dis wat dit aan die maagd Maria gedoen het, sy het opgetree asof sy dronk was. Sy was 'n gemors in die samelewing, maar dit neem 'n gemors vir lewe om uit te kom. Amen!

51 Tensy enigiets sterf en verrot, kan lewe nie daaruit kom nie. Tensy 'n man sterf en verrot in sy eie gedagtes, kan Christus nie in sy hart kom nie. Wanneer jy vir jouself probeer dink: "Nou, as ek na die altaar toe stap en sê: 'Ja, Here, ek—ek's 'n goeie kêrel, sal ek U neem. Ek sal my tiendes betaal. Ek sal dit doen,'" jy moet sterf en verrot net daar vir jou gedagtes. Laat die Heilige Gees oorneem en net doen wat Hy wil met jou. Raak soort van morsig daarmee. Dit klink verskriklik, nie ontheiligend nie, maar dis die Waarheid. Dis die enigste manier wat ek weet hoe om die ding uit te druk om jou Dit te laat verstaan.

Wat was meer van 'n gemors as daardie waardige klomp Jode daardie dag, as om hierdie mense daar te sien uitkom met stamelende lippe? Julle weet wat 'n stamelaar is? Huh, huh, uh, uh, uh, uh …?… Ander tale, en tree op soos dronk mense. [Broer Branham demonstreer hoe 'n dronk persoon optree. — Red.] Huh, huh, uh, uh, uh. Dis presies wat hulle gedoen het. Hulle het morsig gelyk!

52 En hy het gesê: "Is hierdie manne almal vol nuwe wyn?"

Maar nadat een soort van by homself gekom het, het hy gesê: "Laat dit aan julle bekend word, en luister na my woorde, hulle is nie dronk soos julle dink dit is nie." Maar hy het teruggegaan na die Skrif: "*Dit* is *dit* waarvan gespreek is deur die profeet Joël: 'En dit sal gebeur in die laaste dae, sê God: 'Ek sal My Gees uitstort op alle vlees.'"

Dis hoe die Kerk eerste gebore is. Hoeveel glo dat God oneindig is? Dan kan Hy nie verander nie. En as dit Sy idee van 'n Kerk aan die begin was, is dit die soort Kerk wat Hy aan die einde sal hê. Hy kan nie verander nie. So hoe gaan jy 'n handskud vervang, of besprinkeling, of—of 'n ander ding wat dit nie net daar gebeur het nie? Elkeen van die apostels het reguit teruggegaan na dit.

53 Nadat hulle al hierdie dinge gedoen het … Heilige Gees het op hulle geval, Petrus het gesê, "Kan ons water verbied, siende dat hulle die Heilige Gees ontvang het soos ons in die begin het?" En hy het hulle beveel om gedoop te word in die Naam van die Here Jesus. Dis reg.

Paulus het oorgegaan en mense gevind wat skree, 'n groot tyd geniet, klomp Baptiste wat God verheerlik, en hy het gesê, Handelinge 19, hy het gesê: "Het julle die Heilige Gees ontvang sedert julle geglo het?"

Hulle het gesê: "Ons weet nie of daar enige Heilige Gees is nie."

Gesê: "Hoe is julle gedoop?"

Hulle het gesê: "Ons is gedoop deur dieselfde man wat Jesus gedoop het, Johannes die Doper."

Hy het gesê: "Ja, dit sal nie meer werk nie." Sien? Petrus het dit klaar verseël op die Pinksterdag. Hy het die sleutel gehad. Sien?

Het gesê: "Dit sal nie meer werk nie, julle moet weer oorgedoop word." So hy het hulle weer oorgedoop, in die Naam van die Here Jesus Christus. Het sy hande op hulle gelê en hulle het dieselfde soort resultate gehad as wat hulle daar aan die begin gehad het. Die Heilige Gees het op hulle geval, hulle het begin praat in tale en profeteer.

54 Nou, dit was die Kerk deur die eeu. Nou, dit het net hier begin by die begin.

"Ek ken jou geduld. Jy's verskriklik lankmoedig, ek weet dat … Onthou nou, Ek is Hy wat tussen die kandelaars instap. Ek ken jou lydsaamheid, en jou werk, en jou arbeid, en jou liefde, ensovoorts. Ek weet alles wat jy gedoen het. En ek weet dat jy hierdie mense beproef het wat hulleself 'profete, apostels' noem, en gevind het dat hulle leuenaars is." O, dis nogal plat, is dit nie? Ek is nie verantwoordelik daarvoor nie, Hy is. Hy het gesê hulle was leuenaars.

55 Maar die Bybel het gesê: "Beproef 'n man. As daar iemand onder julle is wat geestelik of 'n profeet is, of sê hy is, sal Ek, die Here, Myself aan hom bekend maak. Ek sal met hom praat in visioene en in drome. En as wat Hy sê, vervul word, luister dan na Hom; moenie bang wees vir hom nie, sien, omdat Ek met hom is. Maar as dit nie gebeur nie, luister dan nie na hom nie, hy het nie My Woord nie." Sien, as dit Sy Woord is, sal dit gebeur.

Nou, hulle het uitgevind hierdie kêrels het nie aangegaan volgens die Bybel nie. Sien, hulle het iets anders probeer kry. (Ek wil hê julle moet nou julle dinkkap aanhou, waar ons net binne 'n paar minute by die goudklont uitkom.) Nou, toe het Hy gesê: "Ek sien wat jy … dat jy lankmoedigheid het, en lydsaamheid en … met hulle. Jy het hulle beproef, en uitgevind hulle is nie apostels nie. Hulle is nie."

56 Nou, soos ek gesê het om te begin, voor ons weer hiermee begin, elke herlewing bring 'n tweeling voort. Een is 'n geestelike man; die ander een is 'n natuurlike man van die aarde: "Ek het by die kerk aangesluit, ek's net so goed soos enigiemand." En dis wat hierdie herlewing voortgebring het. Dis wat, elke herlewing. Dis wat Luther voortgebring het, dis wat Irenaeus voortgebring het, dis wat Sint Martin voortgebring het, dis wat Columba voortgebring het, dis wat Wesley voortgebring het, en dis wat Pinkster voortgebring het. Net presies.

Sien julle hoe hulle tot saad gekom het? Het hulle kerke gebou, en het aangegaan en groot goeie plekke en (goeiste!) staan op en herhaal die Apostoliese Geloofsbelydenis. "Ek glo in die Heilige Rooms Katolieke Kerk, en die gemeenskap van heiliges." Enigeen wat glo in die gemeenskap van heiliges is 'n spiritualis. Enigiets wat gemeenskap het met die dooies is van die duiwel. Dis presies reg. Ons het een middelaar tussen God en die mens, dis die man Jesus Christus. Dis reg. Dis wat Petrus gesê het. En julle liewe Katolieke mense noem hom "die eerste pous, en Petrus is die eerste pous wat met Jesus gewandel het."

57 En toe het hy gesê: "Daar's geen ander middelaar tussen God en die mens nie." En hierdie, julle het tienduisend ander vandag. Waarom het dit soveel verander, as die kerk onfeilbaar is en nie verander nie? En al julle misse word in Latyn gesê sodat dit nie sal verander nie. Wat het gebeur? Waar het julle ooit die Apostoliese Geloofsbelydenis in die Bybel gevind? As die apostels enige geloofsbelydenis gehad het, was dit "Bekeer julle, en word elkeen van julle gedoop in die Naam van Jesus Christus vir die vergifnis van julle sonde." Geen ander geloofsbelydenis wat ek ooit gehoor het hulle ken, of ooit enigiets anders wat hulle opsê nie.

58 Maar wanneer dit kom by "Heilige Roomse kerke" en al hierdie ander dinge, en "God die Almagtige Vader wat hemele en aarde bewaar," dis onsin. Sien? Dis reg. Dit is nie in die Bybel nie. Daar is nie soiets soos dit in die Skrif nie. Dis 'n opgemaakte geloofsbelydenis wat hulle opgemaak het. Maar dis … al die gebede en alles is 'n opgemaakte ding.

Ons kan vandag sien dat ons Protestante, wanneer ons hier inkom, net reguit van hulle afgegaan het. En net soos Billy Graham Sondag gesê het: "Die mense was so verkeerd totdat hulle dink hulle is reg terwyl hulle verkeerd is." Dis reg. Dis die waarheid. Ek is bly dat ek … Natuurlik weet ek Billy Graham het die Heilige Gees ontvang onder George Jefferies daar oorkant, maar een van hierdie dae sal hy daaruit kom. God gebruik hom net daar nou, want hy kan daardie koninkryk skud waarin niemand anders kwalik kon inkom nie. Maar julle kan sy prediking sien, dat daar iets daaragter is, as gevolg van sommige van hierdie handskuddende Baptiste. Ja, meneer!

59 Nou:

*Ek ken jou werke … en jou lydsaamheid … dat jy nie kan …*

Laat ons nou sien, ek het die …

> *Ek ken jou werke en jou arbeid en jou lydsaamheid, en dat jy slegte mense nie kan verdra nie; en dat jy dié op die proef gestel het wat sê dat hulle apostels is en dit nie is nie, en hulle leuenaars bevind het;*

Hy het gevind dat hulle leuenaars is. Hoe het hulle dit geweet? Hulle het nie aangehaal met die Woord nie.

Nou, as 'n man sê dat "Hierdie Bybel sê in Hebreërs 13:8: 'Jesus Christus, dieselfde gister, vandag, en vir altyd,'" en die man het gesê: "Ag, die dae van wonderwerke is verby," dan is daardie man 'n leuenaar.

As die Bybel gesê het: "Bekeer julle, en word elkeen van julle gedoop in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van julle sondes," en elke plek in die Bybel sê dieselfde ding, en almal wat ooit gedoop is in die—in die Bybelse tyd was gedoop in die Naam van Jesus Christus, en hy gee hulle opdrag om gedoop te word, besprinkel te word, of iets anders soos daardie, daardie man is 'n leuenaar, uitgevind 'n valse profeet.

Ek hoop ek maak nie gevoelens seer nie, maar ek … Broer, jy—jy kan Dit nie met handskoene hanteer nie, dis tyd, trek die handskoene uit en hanteer die Evangelie. Sien? Dis die Waarheid.

60 Nou, wys my iets anders. Wys my waar een persoon ooit gedoop is op enige ander manier as in die Naam van Jesus, sien, buite die Katolieke kerk. So as jy op daardie manier gedoop word, is jy nie in die Christelike kerk nie, jy's in die Katolieke kerk omdat jy gedoop is. Hulle eie *Sondagbesoeker*, het die kategismus gesê, die vraag: "Sal enige Protestante gered word?" Het gesê: "Baie van hulle, want hulle het ons doop en baie dinge soos dit." Gesê: "Hulle maak aanspraak op die Bybel, en die Bybel het gesê 'doop in die Naam van Jesus Christus,' en ons het dit daarvandaan geneem en dit 'Vader, Seun, en Heilige Gees' gemaak, en hulle het hulle daarby neergelê." Sekerlik. Sien? Nie 'n—nie … Dis nie 'n—dis nie 'n Christelike doop nie, dis 'n Katolieke doop.

Het julle my een aand gehoor: "Is jy al ooit gedoop in *Christelike* doop?" *Christelike* doop, Christus: "Jesus Christus," nie in een of ander titel nie.

61 Nou, die 3de vers nou. Goed, 2de en 3de vers. Nou die 3de vers:

> *en dat jy verdra het en lydsaamheid besit, en ter wille van my Naam gearbei en nie moeg geword het nie.*

"Vir My Naam." Het julle opgelet hulle het geduld gehad? Het gearbei vir wat? Sy Naam. Sien julle daardie Naam in daardie kerk? Nou hou dit dop as ons deur die week gaan, hoe dit vervaag en in 'n ander naam ingaan. Sien? *"Dat jy verdra het en lydsaamheid besit, en ter wille van My Naam."* Hy … Hulle het gearbei vir Sy Naam.

Om die Naam van Jesus Christus bo enige kerk te hou, bo enigiets anders, laat dit eerste in wees. "Wat ook al …" Die Bybel het gesê: "Wat jy ook al in woord of daad doen, doen dit alles in die Naam van Jesus Christus." Is dit reg? "Wat jy ook al in woord of daad doen." As jy trou, trou met 'n persoon; as jy nie kan nie, as hulle almal beswaard is in hulle huwelik, moenie met hulle trou nie. Sien? As jy nie vryelik kan sê: "Ek verklaar jou man en vrou in die Naam van Jesus Christus" nie, laat hulle gaan. Goed. As jy hulle wil doop, doop hulle in Jesus se Naam.

62 As jy iets moet doen wat jy nie kan doen in Jesus se Naam nie, laat dit alleen! Iemand het gesê: "Neem 'n drankie." Jy kan dit nie doen in Jesus se Naam nie, so laat dit alleen! Iemand het gesê: "Speel 'n bietjie kaart." Jy kan dit nie doen in Jesus se Naam nie, so laat dit alleen! 'n Klein, vuil, smerige grappie by jou brugpartytjie, jy kan dit nie sê in Jesus se Naam nie, so laat dit alleen! Sien? Jy kan nie kortbroeke dra in Jesus se Naam nie, so laat dit alleen! Ek kan voortgaan, maar ons … julle weet waarvan ek praat. Goed. Jy kan dit nie doen nie. Wat jy nie in Sy Naam kan doen nie, los dit uit! Want Hy het gesê: "Wat julle ook al doen in woord en daad, doen dit alles in die Naam van Jesus Christus." Goed, nou.

63 Nou gaan ons … Dis die … Hy het hulle daarvoor geprys. Nou gaan ek praat oor die klagte nou in die 4de hoofstuk … of 4de vers, liewer.

> *Maar Ek het teen jou dat jy jou eerste liefde verlaat het.*

O! "Ek het iets teen jou. Jy was geduldig, jy het My Naam voorgehou." Sou dit nie net 'n goeie ding van hierdie tabernakel vandag wees nie? Ja, meneer! "Jy was reg, en jy het baie geduld gehad, en het 'n lang tyd uitgehou, maar die ding daarvan is … Jy het My Naam voorgehou. Ek waardeer dit alles. Ek—ek prys jou daarvoor, dis in orde. En ek het gesien dat jy hulle beproef het wat sê hulle is apostels, ensovoorts, en gevind het hulle is leuenaars, hulle hanteer nie die Woord nie. Ek—ek waardeer dit alles.

Maar daar is iets wat Ek teen jou het, en dit is dat jy jou eerste liefde verlaat het. Jy het daardie liefde verlaat wat jy eenmaal gehad het vir daardie goeie, outydse, Heilige Gees dienste, en jy het begin om soort van terug te gly in daardie formele, kom in met 'Ons Vader …'" Onsin! Sien?

64 Al hierdie samelewing hier, en iemand moet uitkom met 'n groot kleed aan (julle weet, om in die koor te sing, julle weet), en die gemanikuur oral oor hulle hare en alles, en 'n klomp grimering aan hulle gesig, en hulle sing soos ek weet nie wat nie.

Hier nie lank gelede nie, as dit nie die Oral Roberts se byeenkoms was nie, sou ek sekerlik 'n klomp uitgeroep het. Ek was—ek was by die Sakemanne se konvensie en dit is gehou … ons het nie … daardie aand het ek gaan praat. Hulle kon dit nie daar oorkant in die hotel hou nie, en hulle het my na—na Oral Roberts se gebou geneem. En toe ek in Oral se studeerkamer gesit het, was daar 'n klomp Pinksterkinders (o, jong mans en vroue, sestien, sewentien jaar oud, agtien) wat almal daar gestaan het; omtrent dertig of veertig van hulle gaan een of ander soort van 'n—'n klein … sing, het vir my geklink soos 'n soort overture deur iemand waarvan Becky praat, Tchaikovsky of iets van daardie aard; ek weet nie, een of ander soort van 'n lied, klassieke lied. En hier was hulle, die broers sou 'n offergawe opneem buite in die diens, en elkeen van hulle het aangegaan en het 'n beker gehad, opgetree asof hulle blind was en al die grappe en dinge wat jy ooit gehoor het tussen daardie seuns en dogters, en 'n gepraat soos elke ding. En daardie meisies met genoeg verf op hulle, kon Oral se gebou geverf het, amper. En daar was hulle soos dit, en noem hulleself "Pinkster." Hulle het hulle eerste liefde verloor!

65 Ek gaan sekerlik saam met Dawid du Plessis: "God het geen kleinkinders nie." Nee, meneer! Ons het Metodiste kleinkinders. Ons het Baptiste kleinkinders. Ons het Pinkster kleinkinders. Maar God het nie enige nie! Julle is seuns en dogters. Jy kan nie inkom omdat jou mamma of jou pappa goeie mans en vroue was nie, jy moet dieselfde prys betaal as wat hulle het. Jy moet gebore word net soos hulle was. God het hoegenaamd geen kleinkinders nie. Jy's 'n seun of dogter; of, jy's nie 'n kleinseun nie, dis een ding seker.

66 Het na 'n byeenkoms daar gegaan, en hulle daar … na 'n goeie Pinkster Gemeente kerk. Man, jy moet daardie vroue sien wegskarrel wanneer hulle my sien inkom; met daardie kortgeknipte hare, en daardie klein ou halfgeklede, soos 'n weense worsie amper, julle weet, gegiet in daardie kaal rokke soos dit, Pinkstervroue wat so seksie aangetrek is.

Jy gaan daarvoor moet antwoord by die Oordeelsdag. Jy gaan skuldig wees aan owerspel pleeg, het Jesus gesê: "Wie ook al na 'n vrou gekyk het om haar te begeer, het alreeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg." En as jy jouself soos dit aan 'n man voorstel, wie is skuldig? Jy of die man? Wees reg! Vermy die einste voorkoms van boosheid! Sien? So daar het julle dit.

67 Wat het jy gedoen? Het hulle *eerste* liefde verloor. O, jy kon hulle nie op 'n hoek kry met 'n tamboeryn om hulle hande te klap en God te prys nie. O, nee! Hulle sou een of ander klassieke iets sing met 'n klomp klede om hulle. Sien, hulle het hulle *eerste* liefde verloor. Dis wat die probleem is met die eerste kerk. Sien?

Hulle moet net optree soos die wêreld. Hulle moet aantrek soos die wêreld, lyk soos die wêreld, optree soos die wêreld. En hulle gunsteling televisiester hê, julle weet, hulle kan net nie ophou om dit te sien nie. *Ons is lief vir Susie* of soiets, julle weet, hulle moet dit net sien. Hulle sal tuisbly van biduur en alles anders om dit te sien. As hulle dit nie doen nie, gee hulle hulle pastoor 'n goeie roskam om hulle betyds uit te laat totdat daardie program aanbreek sodat hulle by die huis kan kom om dit te sien. Die liefde van die wêreld meer as die liefde van God!

O, te formeel, hulle kan nie meer "Amen!" sê nie. My goeiste, dit sal van die grimering bederf. Sien? Hulle het Dit nie meer nie. Dis Pinkster. Dit is nie Baptis nie. Hulle het Dit nooit gehad om mee te begin nie, die—die Presbiteriaan. Ek praat van Pinkster. Dis reg. Ek weet dis vreeslik mislik, broer, maar ons wil 'n geboorte uit hierdie ding hê; moet die dood bring voor jy geboorte kan hê. Sien? Sien? Dis die Waarheid. Maar daar is jy, het jou eerste liefde verlaat. Ek …

68 As God dit teen *hierdie* kerk gehad het, het Hy dit ook teen *daardie* een! "Omdat jy jou eerste liefde verlaat het, het Ek dit teen jou. Ek het iets teen jou, dis My klagte. Jy het eenmaal 'n wonderlike tyd gehad, maar jy—jy het die wêreld laat begin inkruip, en jy het 'n bietjie formeel begin optree. Jy hou steeds My Naam, en jy doen steeds die dinge wat reg is, en jy het baie geduld, ensovoorts, en jy arbei, jy is soos 'n muil, jy swoeg net en werk."

Goeiste! Goeiste! Goeiste! Sien, jy het genade en geloof en krag verlaat om dit te verruil vir arbeid en werke. "Wel, ek sê jou Broer Branham, ek—ek help elke weduwee wat ek kan." Wel, dis 'n goeie ding, ek prys jou daarvoor. Maar waar is daardie eerste liefde wat jy eens gehad het? Uh-hum, uh-hum. Waar is daardie vreugde wat jy altyd gehad het? Soos Dawid eenkeer uitgeroep het: "O Here, herstel vir my die vreugde van my verlossing." Waar is daardie heelnag bidure en trane op jou wange? Goeiste, die Bybel is selfs stowwerig en het spinnerakke daarop. Julle lees al julle liefdesverhale, en nuus en dinge; en

dinge wat nie eens toegelaat behoort te word om gepubliseer te word en uit te sit vir 'n—'n vullisblik nie, en ons Pinkstermense tel hulle op en hang net oor hulle soos 'n klomp vlieë op 'n vullisdrom. Dis reg. O, genade! Wat ons nodig het is: Terug na ons eerste liefde! Terug na Pinkster! O, ek moet liewer daarvan wegkom. Goed. Maar, julle verstaan: "Verlaat daardie eerste liefde."

69 Die 4de vers, 5de vers nou. 'n Waarskuwing, die 5de vers, 'n waarskuwing: "Onthou en bekeer!" Sien?

> *Onthou dan waarvandaan jy uitgeval het,* ... (Waarvandaan het jy gekom? Jy het van pinkster afgeval tot waar jy nou is, teruggeval) ... *en bekeer jou en doen die eerste werke* (gaan terug na pinkster) .... *Anders kom Ek gou na jou toe en sal jou kandelaar van s-y* (sien wie dit is, nie waar nie?) ... *plek verwyder as jy jou nie bekeer nie.*

Met ander woorde, as jy 'n Godgevulde pastoor het, gevul met die Heilige Gees, en jy probeer om hom onder jou vinger te hou, sê, "Wel, as hy iets sê oor ons 'n geklede koor het, as hy iets oor ons sê omdat ons grimering dra, sal ons hom net ekskommunikeer." Moenie bekommerd wees nie, God sal dit doen voordat jy 'n kans kry. Hy sal uitgaan en preek vir klippe op die straat voordat hy met daardie soort goed sou kompromitteer. As jy 'n pastoor het wat jou regtig die Waarheid vertel, behoort jy God te eer en in die Gees te bly, en God te aanbid, te besef dat jy verlore gaan wees as jy dit nie doen nie. Sien?

70 Maar mense lewe vandag asof hulle gaan … dit is die enigste ding wat daar was: "lewe hier op aarde, dis al." Jy besef nie jy het 'n siel wat hier gaan weggaan en êrens heen gaan nie. En jy verseël jou bestemming net hier, die manier waarop jy lewe en die manier wat jy doen, hou wrokke, en gemeen, en alles, en hardloop dan kerk toe. O, genade! Sjoe! Skaam jou.

Jy bring 'n smaad op—op die saak van Christus. Is dit nie reg nie? Doen ons dit nie? Die dranksmokkelaars maak die Kerk nie seer nie; is nie *dit* nie. Dit is nie die prostituut wat die Kerk seermaak nie. Dis die mense wat voorgee om Christene te wees wat die Kerk seermaak. Ons weet wat die dranksmokkelaar is en wat die prostituut is. Wanneer ons susters aantrek soos 'n prostituut, dis anders, *dit* is wat die Kerk seermaak. Wanneer die man drink soos die dranksmokkelaar, wel, dan, dis wat die Kerk seermaak. Hulle verklaar om 'n Christen te wees en hulle doen dit. Die mense soek na jou wat daardie naam … "Laat hom wat selfs die Naam van Jesus Christus noem, weggaan van sonde." Sien? Kom weg daarvan.

O, ons skiet so tekort, broers. Ek, julle, almal van ons, ons—ons skiet tekort aan wat Christus wil hê ons moet wees. En net hier in hierdie dag is dit tyd om elke sonde opsy te sit wat ons maklik omring, en met geduld die wedloop te hardloop wat voor ons gestel is. Predikers, dis reg, broers. Dis presies reg.

71 "Onthou en bekeer, of Ek sal die Lig van die ster uit sy plek verwyder." Wat is sy plek? In die Kerk. "Maar as jy jou nie bekeer en teruggaan na waar jy was in die eerste plek nie, sal Ek jou pastoor reguit van jou af wegneem en hom uit sy plek uitskuif; Ek sal hom êrens anders sit waar sy … waar Ek My Lig sal reflekteer wat sal skyn." Hmm! Was dit nie plegtig nie?

Dis tyd vir die kerke om hulle te bekeer. Dis tyd vir Pinkster om 'n klomp van hierdie gepoleerde geleerdes uit die preekstoele te kry, en die outydse prediker daar in te kry wat julle die Waarheid sal vertel; nie rond te tas en die kerk te gebruik vir 'n etekaartjie, groot lone, en iets soos dit, en sielkunde, en 'n paar perdewedrenne, en sopetes, en alles anders nie. Dis tyd om terug te kom na die Evangelie. Ek gee nie om hoe klein jy is nie: "Waar twee of drie vergader is, sal ek—sal ek in hulle midde wees."

72 "Bekeer julle, tensy Ek kom en die kandelaar verwyder; stuur hom weg, skyn sy lig elders."

Nou die 6de vers. Nou hier is die een waarmee ons probleme gaan hê. Nou, behalwe as jy jou bekeer, sal Hy kom en die pastoor wegbeweeg.

> Maar *dit het jy, …*

Nou, onthou. O, moet dit nou nie mis nie. Dit gaan die res daarvan bymekaar aansluit, reguit af tot hierdie ons is … eeu waarin ons nou is. Voel almal goed, eerste? [Gemeente sê: "Amen!" — Red.] Is julle haastig? [Gemeente sê: "Nee!"] Goed, nou. Goed, verdra dan net 'n bietjie. ['n Broer in die gemeente sê: "Bly heelnag."] Nou … Dankie.

> *Maar dit het jy,* ... (Hulle het toe iets gehad, het hulle nie? Nou, wat het hulle gehad?) ... *dat jy die werke van die Nikolaïete haat, wat Ek ook haat.*

"Jy haat daardie dade van die Nikolaïete." Sit in die studeerkamer vandag daarbo, ek het iets hieroor geskryf, ek wil hê julle moet nou mooi luister, dis in 'n paar bladsye hier. Die 6de vers, geprys en saamgestem; dis, God en die Kerk het oor een ding saamgestem, dat hulle "die dade van die Nikolaïete gehaat het"; die ware Wynstok, die ware Wynstok, die ware Kerk wat in hierdie Efésiese kerk was.

73 Nou, onthou, elke kerk het sy formeles en elke kerk het sy geestelikes. Dis die tweeling wat in elke

herlewing gebore word en in elke kerk lewe. Hulle het begin reg in *hierdie* eeu en eindig in *hierdie* eeu. En uiteindelik het die formeles dit oorgeneem in die Thiatire Eeu, en Luther het dit weer uitgetrek. En nou swaai dit weer reg in. Kan julle daardie formele godsdiens sien? Daar is geen verskil tussen dit en Katolisisme nie. Dis alles dieselfde ding. Elke organisasie word reg daarin ingeslag. God het nooit Sy Kerk georganiseer nie. Dis presies wat hulle hier probeer doen het. En julle hou dop en kyk nou of dit nie reg is nie, wys julle net hoe vervloek 'n organisasie is. Dit was—dit was vreemd vir die nuwe Kerk, die Nuwe Testament Kerk. Sien?

*Maar ... jy ... Maar dit het jy, dat jy die werke van die Nikolaïete haat, wat Ek ook haat.*

74 Die ware Wingerdstok het die formele dade van die Nikolaïete gehaat, so het God. Wat dade was in die Efésiese kerk, in die kerk van Efésiërs, het 'n leerstelling geword in die Pérgamus kerk. In Efése, die eerste kerk, was dit 'n daad, in die volgende kerk het dit 'n leerstelling geword. Kan julle Dit hoor? Kan julle Dit nou verstaan? Dit was 'n daad in Efése, en kyk, hier in Pérgamus het dit 'n leerstelling geword. Dit het net hier begin in 'n klein babavorm. Nou, binne 'n minuut gaan ons uitvind wat dit was. Hier is Paulus se *wolwe*: "dade van die Nikolaïete."

75 Nou wat … Laat ons daardie woord afbreek en uitvind wat ons het voor ons verder gaan. Die woord *Nikolaïeties* is soort van 'n vreemde ding vir my. Ek het elke Griekse leksikon gekry wat ek—ek kon kry. Nikolaïetiese kom van die woord van *Nicko*, N-i-c-ko. Wag, ek glo ek het dit hier neergeskryf. N-i-c-k-o, *Nicko*, wat beteken "om te oorwin of omver te werp." *Nico-laitane*: "werp omver of oorwin die lekedom." Wat hulle hier probeer doen het, was om die kerk te probeer neem waar God pastore gehad het, en die Gees van God wat beweeg het deur gawes in die Kerk van die lewende God, en, hulle het 'n doktrine begin dat hulle 'n paar priesters sou hê, en biskoppe, en pouse, ensovoorts. Dit, het God gesê, het Hy gehaat! Hy haat dit vandag nog. *Nico-laitane, (Nicko*, "oorwin") of: "werp die lekedom omver." Die *lekedom* is "die kerk." Hoeveel weet dat lekedom die kerk is? Goed, "Werp omver of oorwin, of neem die plek van die lekedom."

76 Met ander woorde, neem al die heiligheid, al die krag van die kerk, en sit dit op die priesters; "Laat die gemeente lewe soos dit wil, maar die priester is die heilige." Neem die Heilige Gees weg van die mense met tekens en wonders wat hulle volg, en neem dit weg en gee hulle 'n heilige priesterskap. Neem die Heilige Gees weg en ruil Dit vir 'n priesterskap. Sien julle wat dit was? Dit was 'n … Dit het uiteindelik geword … In *hierdie* kerk hier, was dit 'n daad; en *hierdie* plek het dit 'n leerstelling geword; en Thiatire, dit het oorgeneem. En toe Luther uitgekom het, kon dit nie so bly nie, dit het reguit teruggegaan en weer oorgeneem: biskoppe, kardinale, aartsbiskoppe. Wie in die wêreld is die hoof van God se Kerk behalwe Hy Self? Amen! Sjoe! Nou voel ek godsdienstig. Die Heilige Gees is gestuur om die Kerk te regeer; nie net die prediker nie, die hele gemeente! … net die prediker is heilig, dis, die hele Kerk het die Heilige Gees.

En in plaas van Dit, in plaas van die Gees te hê om dit te maak, het hulle 'n klein eucharistie en 'n kraakbeskuitjie en 'n bietjie wyn geneem, en noem dit "Die heilige *Eucharistie* wat 'Heilige Gees' beteken." Hoe op aarde kan 'n kraakbeskuitjie en 'n bietjie wyn 'n gees wees? Nou, as—as dit die manier is, moet jy Handelinge 2 so lees: "Toe die Pinksterdag ten volle aangebreek het, hier het 'n Romeinse priester met die pad opgekom en hy het gesê: 'Steek jou tong uit' en hy het die eucharistie daarop gesit en hy het die wyn gedrink, gesê: 'Nou het jy die Heilige Gees.'" Nou, nou dink ons dis verskriklik. Dit is.

77 Nou laat ons afgaan; ek was georden in Baptiste kerk, laat ons ons Baptiste neem. Uh-huh. Hmm? Die Metodis, wat doen ons? "As jy sal bely dat 'Jesus Christus die Seun van God is,' is jy gered." Die duiwel glo Hy's die Seun van God, en bewe Daarvoor; glo dit waarskynlik meer as wat 'n klomp kerklidmate glo. Die duiwel glo dieselfde ding en bewe, want hy weet hy is gedoem.

Nou neem ons dit die Metodiste vorm, hulle—hulle sê dat "Johannes nie gedoop het nie," dat: "hy besprinkel het." Gesê: "Daar was 'n klomp gofers in die land, en—en die water het opgekom uit die plekke. En hy het 'n mosselskulp gehad en 'n gofergat uitgekrap." En hulle preek dit werklik. "En ons het 'n bietjie water in hierdie goferdop, of hierdie mosselskulp, uit die gofergat, en sprinkel die mense." Onsin! O, broer!

78 Wel, hier sal ons dit neem: "Toe die Pinksterdag ten volle aangebreek het, was hulle almal op een plek, eendragtig. En die pastoor het afgekom en 'n goeie preek gepreek, en gesê: 'Gee my die regterhand van gemeenskap, en ons sal jou naam op die boek sit.'" Dit klink nie reg nie, nie waar nie? Jy mag dit kry … Jy kon dit nie in 'n almanak kry nie, hulle het beter as dit geweet. Die ou *Dames Verjaarsdag Almanak* is meer korrek as wat dit sou wees.

Wel, wat het dit dan veroorsaak? Die Nikolaïete bring 'n klomp manne in om die Skrif te verdraai, en 'n denominasie te maak wat God nie daarin kan laat beweeg nie. Sterf net daar! Toe het Hy hier gesê: "Jy's dood! Jy het 'n 'naam' dat jy lewe, maar jy's dood!" Baie van hulle, dood, en weet dit nie.

79 Ek en my broer het visgevang, ons was seuntjies, hierbo. En ek het 'n ou breekskilpad gevang en ek

het sy kop afgesny; hom van die lyn af gekry, wou nie met daardie ding rondspeel nie; en hom daar op die oewer gegooi. En my broertjie het gekom, en hy het gesê: “Wat het jy 'n rukkie gelede gevang?”

Ek het gesê: “'n Skilpad.”

Hy het gesê: “Wat het jy met hom gedoen?”

Ek het gesê: “Daar lê hy, *daar*, en sy kop lê *daarbo*.”

En hy het daarheen gegaan. En hy het gesê: “Is hy dood?”

Ek het gesê: “Sekerlik! Het sy kop van sy liggaam geskei, hy moet dood wees.”

So toe het hy 'n stok opgetel en begin afreik om hierdie skilpadkop terug te gooi in die rivier, en toe … of die spruit. En toe hy het, het die ou skilpad dit gegryp. Julle weet, hulle sal vir 'n uur of twee hap. Hy het teruggespring, hy het gesê: “Haai! Ek het gedink jy het gesê: 'Dit was dood.'”

Ek het gesê: “Hy is.”

Hy het gesê: “Wel, hy weet dit nie. Nee.”

So dis hoe baie mense is: dood en weet dit nie! Nikolaïete! O, goeiste! O, Hy het gesê: “Jy haat dit.” Neem al die volle, goeie heilige priesters, heilige kardinaal, heilige biskop.

80 En party van julle Pinksters: “Die groot opsiener, laat hom afkom. Die algemene opsiener, hy sal jou sê of jy die genesingsdiens hier kan hê of nie. Ha, ha.” Halleluja! Die Heilige Gees is die een om dit te sê of nie, God se Ewige Woord.

“Wel, Broer Branham, ons glo dat die Bybel leer 'doop in Jesus se Naam', maar die algemene opsiener het gesê as ons dit in ons kerk sou begin, sou hy ons almal uitskop.” Gaan voort. Dis reg. Ek sal liewer hier uitgeskop word as om Daar uitgeskop te word. So, as jy enigiets *hier* uitneem, gaan jy Daar uitgeskop word, in elk geval, so jy kan net sowel hier uitgeskop word. As hy jou hier uitskop, sal jy Daar ingeskop word. So dis net dieselfde ding, so bly reg Daarby.

Ons wil reg wees. O, goeiste, dis 'n ernstige ding, broer. Ons moet hierdie ding regkry. Ons sal nooit in staat wees om 'n Kerk te hê totdat God 'n fondament kry om dit op te lê nie. Hy sal nooit Sy Kerk op 'n klomp onsin bou nie. Hy moet op Sy Woord kom of Hy sal glad nie kom nie; reg op Sy Woord.

81 Iemand, nie lank gelede nie, daarbo, het gesê: “Broer Branham, kom uit na die Chautauqua.” Hoeveel was by die Chautauqua? Wel, kyk net hier, 'n derde van die kerk of meer was by Chautauqua. Wat … Nou, daardie man het daardie middag daar opgekom, en julle het hom almal gehoor, nie geweet dat ek daarvan sou weet nie. God kan in die kamer daar openbaar wat hulle daaronder sê, en, julle weet, Hy het dit gedoen. Het daar opgekom, gesê: “Nou, Broer Branham, o, hy's 'n dienaar van die Here. Wanneer die Gees op hom is, is hy gesalfde profeet, hy weet beslis, God sê vir hom wat is en wat gaan wees; maar sy teologie, moenie daarna luister nie.”

Wat 'n bevooroordeelde idee! Hoe kan 'n man dit sê? Wel, ek het nie … Wel, as jy nie splitbone van koffie geken het nie, sou jy—sou jy beter as dit weet. Hoe kan jy ooit dink aan soiets soos dit? “Hoekom?” Wel, die einste woord *profeet* self beteken “'n goddelike openbaarder van die Woord.” Hoe kan jy … Die Woord van die Here het na die profeet gekom. Ek het nooit gesê ek was een nie, hulle het dit gesê. Maar daar het julle dit. Sien?

82 Hoe 'n man … Om 'n klein kerkleerstelling iewers voor te hou, want hulle organisasie wou nie Daarmee saamstem nie. Verkoop jou geboortereg vir 'n pot lensiesop, Esau, jou ellendige skynheilige! Dis reg. Die verkoop van jou geboortereg vir 'n pot gemors, vir 'n gemors van denominasie, 'n gemors van organisasie wat God haat. Onthou net, julle sê “organisasie,” God haat dit! Dis die ding wat broers geskei het, en afgebreek het … Daar is vele Metodiste, Baptiste en Presbiteriane vanaand wat graag die gemeenskap om die tafel van God wil hê. Maar as hulle dit doen, sal hulle reg uitgeskop word die eerste keer wat hulle Daarin begin. Dis presies reg.

“Mamma het daaraan behoort,” en hulle is net 'n kleinkind om mee te begin. O, goeiste! Ek gee nie om waaraan mamma behoort het nie, mamma het gelewe in al die Lig wat sy in haar dag gehad het, jy lewe in 'n ander dag.

83 Wetenskap het eenkeer bewys, omtrent driehonderd jaar gelede, deur 'n bal om 'n aardbol te draai, gesê: “As enige voertuig ooit die geweldige spoed van dertig myl per uur sou beweeg, sou swaartekrag dit van die aarde af oplig en dit in die ruimte uitneem.” Dink julle wetenskap glo dit vandag? Hulle hardloop negentienhonderd myl per uur. Hulle kyk nie terug om te sien wat hulle gesê het nie, hulle kyk terug, sien wat hulle kan sien vorentoe.

Maar die kerk wil altyd terugkyk, sien wat Wesley gesê het, wat Moody gesê het, wat Sankey gesê

het. “Alle dinge is moontlik vir hulle wat glo,” laat ons vorentoe kyk! Enigste ding in die Bybel wat agtertoe gekyk het … Weet julle watter soort dier altyd agtertoe kyk? Die laagste lewe wat daar is. Hoeveel weet watter die laagste lewe daar is wat beweeg? 'n Padda. 'n Padda is die laagste lewe wat daar is, en 'n mens is die hoogste lewe wat daar is. En 'n padda kyk agtertoe. Ek hou nie van daardie ou lae lewe nie. Ek wil vorentoe kyk, glo, vertrou, wandel in die Lig soos Hy in die Lig is, amen, soos Hy die Lig skyn.

84 Eenkeer onder in Kentucky het ek 'n byeenkoms gehad, 'n ou kêrel het uitgekom en hy het gesê: “O, ek glo nie daardie genesing nie.”

En ek het gesê: “Wel, dis in orde, jy's Amerikaans.”

Hy het gesê: “Ek—ek glo nie enigiets tensy ek dit sien nie.”

En ek het gesê: “Wel, dis in orde.”

Hy het gesê: “Nou, ek het niks teen jou nie, maar ek—ek glo nie wat jy sê nie.”

Ek het gesê: “Dis jou eie Amerikaanse voorreg, jy hoef nie.”

Hy het gesê: “Nou, ek aanvaar nooit niks tensy ek dit duidelik kan sien nie.” Hmm!

Ek het gesê: “Wel, nou ek … dis—dis goed, jy moet van Missouri wees.”

Gesê: “Nee, ek's 'n Kentuckiër.” Sjoe!

“Klink nie baie goed vir Kentucky nie,” het ek gesê. “Maar, in elk geval,” het ek gesê: “as jy … dis hoe jy dink, gaan voort.” En hy het gesê—hy het gesê … Ek het gesê: “Hoe gaan jy huistoe?”

Hy het gesê: “Ek gaan oor die heuwel. Ek bly oor … Wel, gaan saam met my.” Gawe man. Het gesê: “Gaan saam met my huis toe, bly heelnag, Broer Branham.”

Ek het gesê: “Ek wens ek kon, broer.” Maar ek het gesê: “Ek gaan hiernatoe saam met my oom.” En hy het gesê … Ek het gesê: “Wil jy oorry?”

Gesê: “Nee, ek moet opgaan oor die heuwel daarbo, op hierdie kant toe, en af in 'n holte, en op,” julle weet hoe dit daaronder is.

En ek het gesê: “Wel,” het ek gesê: “hoe gaan jy daar kom?”

Hy het gesê: “Ek gaan met die pad op daar.”

“Wel,” het ek gesê: “jy kan nie eens jou hand voor jou sien nie.” Ek het gesê: “Hoe gaan jy daarbo kom?”

Gesê: “Ek het 'n lantern!”

En ek het gesê: “Wel, hoe gaan jy … Wat doen jy, steek daardie lantern aan en loop dan daarmee?”

Hy het gesê: “Ja, meneer.”

Ek het gesê: “Wanneer jy daardie lantern aansteek, kan jy dit omhoog hou soos *dit*? Ek wil graag jou huis sien.”

Hy het gesê: “Jy kan dit nie sien nie.”

Ek het gesê: “Hoe gaan jy dan daar kom?”

“O,” het hy gesê: “ek sal net die lantern aansteek; en soos ek loop, dit …

Ek loop net soos die lig …“ Ek het gesê: ”Dis net dit. Amen, wandel net in die Lig.“

85 Hou net aan loop! Moenie stilstaan nie, jy sal nooit êrens kom nie. As jy gered is, loop na heiligmaking. Jy sê: “Hoe kom mens daar?” Hou net aan loop. “Is die doop van die Heilige Gees na heiligmaking? Hoe kry ek dit?” Bly net wandel in die Lig. “Is tekens, wonders en wonderwerke …?” Bly net wandel in die Lig. Sien? Hou net aan! Elke keer wat jy 'n tree gee, sal die Lig net 'n bietjie voor jou uitspring, want Hy is altyd voor jou. Hy stoot nie, Hy lei. Hy is die Lig. O, ek is so bly daaroor. Is jy nie? Hy is die Lig, in Hom is daar geen duisternis nie.

86 “Jy haat die dade van die Nikolaïete.” Het 'n leerstelling geword. Nou laat ons sien wat Paulus … Nou, wie se kerk … Wie het nou hierdie kerk gestig? Paulus, Efése.

Laat ons nou terugblaai na Handelinge die 20ste hoofstuk, net 'n oomblik. In Handelinge die 20ste hoofstuk, en kyk wat Paulus … Glo jy Paulus was 'n profeet? Sekerlik, hy was. Sekerlik, hy was. Onthou

daardie aand die visioen op die stormagtige see, ensovoorts? Nou, … en alles daaroor. Nou die 20ste hoofstuk van Sint … van Ekso- … Handelinge, en laat ons nou begin by die—die 27ste vers, en luister nou aandagtig terwyl ons lees. Nou, dit is Paulus, 'n profeet, wat voorspel wat sou gebeur.

*Want ek het nie nagelaat om aan julle die hele raad van God te verkondig nie.*

Daardie geseënde man! O, ek wil daardie dag daar staan en kyk hoe daardie martelaarskroon op sy kop gesit word. As daar soiets is soos dat ek kan ween, dan sal ek ween. Ek sal uitroep om Paulus te sien.

Sien Paulus, daardie groot apostel,
Met sy kleed helder en mooi gemaak;
En ek is seker daar sal geskree wees
Wanneer ons almal daar kom. (En jy?)

87 Nou:

*... Want ek het nie nagelaat om aan julle ... die hele raad van God te verkondig nie.*

Is dit reg? Nou, Christene, kyk hiernatoe; wil julle iets vra. Wie was dit wat die mense beveel het wat op 'n ander manier gedoop was behalwe die Naam van Jesus Christus, om weer gedoop te word? [Gemeente sê: "Paulus." — Red.] Hy het die hele raad verkondig. Is dit reg? Wel? En wat het Paulus gesê in … Ek glo dit was die … Ek is nou nie seker of dit Thessalonicense die 1ste hoofstuk en die 8ste vers is nie. "As ons of 'n engel uit die Hemel enige ander evangelie sou verkondig, as 'n engel uit die Hemel neerdaal en enige ander evangelie verkondig as dit" (as om mense te beveel om weer gedoop te word in die Naam van Jesus Christus, en die Evangelie wat Paulus verkondig het.) … "As enige engel uit die Hemel" (nie 'n … laat staan nog 'n biskop, of 'n kardinaal, of 'n algemene opsiener, of 'n pastoor, of—of iets) … "As 'n engel van die Hemel afkom en 'n ander evangelie behalwe Dit verkondig, laat hom vervloek wees." Dis reg. Is dit reg? Wat hy gesê het, dis Galásiërs 1:8. Ek het nou net daaraan gedink. Goed, Galásiërs 1:8, as julle dit wil neerskryf, kyk wat Paulus gesê het.

88 Nou, hier sê hy …

Nou die 27ste, ek glo die 27ste vers:

*Want ek het nie nagelaat om aan julle ... die hele raad van God te verkondig nie.*

Nou luister wat hierdie … Hierdie is 'n profesie:

*Gee dan ag op julleself en op die hele kudde ... waaroor die Heilige Gees ... julle as opsieners aangestel het om as herders die gemeente van God te versorg, wat Hy deur sy eie bloed verkry het.*

Wie het gekoop? Wie se bloed was dit? Die Bybel het gesê dit was God se Bloed. God, met Sy eie Bloed. Is dit reg?

*... om as herders die gemeente van God te versorg, wat Hy deur sy eie bloed verkry het.*

Die Bybel het gesê ons is gered deur die Bloed van God. Het julle dit geweet? Sekerlik, Dit doen dit. Goed:

*... wat Hy deur sy eie bloed verkry het.*

*Want ek weet dit, dat ná my vertrek wrede wolwe onder julle sal inkom en die kudde nie sal spaar nie.*

*Ja, uit julle self* (kyk, dat die mens daardeur kon afkyk en daardie ding sien kom) ... *sal daar manne opstaan wat verkeerde dinge praat om die dissipels weg te trek agter hulle aan.*

89 [Leë kol op band — Red.] Jare later toe hy … Of 'n klomp manne wat 'n organisasie wil maak en die—die heiligheid en die Heilige Gees wegneem van die kerk, en dit op biskoppe en pouse en priesters sit, om … hulle sal heilig wees, en die gemeente lewe op enige manier hoe hulle—hoe hulle wil. En hulle sal die priesters betaal en hy sal hulle uit die hel bid, en alles soos dit. En dis Nikolaïeties! En God het gesê: "Ek haat dit!" Nou luister.

"Laat my sien, en julle sê: 'God het gesê Hy het dit gehaat'?"

Nou laat ons kyk of Hy het:

*Maar dit het jy, dat jy die werke van die Nikolaïete haat, wat Ek ook haat.*

God haat 'n organisasie. Dit reg? Nou sien julle presies wat hulle gaan doen, julle sien wat hulle wel gedoen het. Nou kyk af deur die kerk of hulle dit nie doen nie. Hy haat 'n organisasie!

*Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. …*

90 Nou, Paulus se *wolwe* het "Nikolaïeties" geword. Hulle het probeer om 'n priesterskap te vorm soos die Levitiese priesterskap, wat vreemd was tot die Nuwe Testament leerstelling. Amen! Die woord *Nicko*, die Griekse woord *Nicko* beteken "om te oorwin, oorkom." Oorkom wat? Die lekedom, die Heilige Gees. Neem uit die kerk die opgestane Here Jesus met tekens en wonders onder die gelowiges, en plaas manne wat ingestem is om 'n pous te wees, of 'n vleeslike … kardinaal, of 'n opsiener wat probeer om die Heilige Gees weg te neem van die lekedom en dit te gee aan 'n orde genoem die heilige orde van mense, wat hulle oor die lekedom plaas; nie om hulle pastore te noem wat "herders" beteken nie, maar *vader*; wat Jesus gesê het: "Moenie enige mens 'vader 'op hierdie aarde noem nie." Sien julle daardie bose ding? En wat het ons gedoen?

91 O, as ons kon stop. Wens ons het nie al hierdie nagte saamgebondel soos hierdie nie, ek wil graag môreaand neem op die 12de hoofstuk van Openbaring en julle daardie ou prostituutvrou wys wat daarbo sit, die hoer. En sy … die rede waarom sy was, omdat sy gehoereer het … by God, en haarself 'n weduwee genoem het, en sy was ook 'n moeder van hoere. Is dit reg? Nou, ons weet dit was Rome, want sy het op sewe heuwels gesit, en alles net presies, 'n man in haar en is die getal van die dier, ensovoorts. Ons almal weet dit uit vorige leringe, wie dit was. Maar die treurige ding daarvan, sy was die moeder van hoere. Hierdie is die begin van haar net hier, begin in Rome as 'n klomp Christene, sogenaamde Christene.

92 Luister! God help my om dit werklik te maak! 'n Klomp Christene in 'n kerk soos dit. Hulle het formeel geword, en onverskillig, en weggetrek, en vir hulleself 'n organisasie op die been gebring. En dit toe in die Donker Eeu met die staat verenig. En staat en kerk het een wat geword? Christelike kerk: "Heilige Katolieke kerk" is dit genoem, (die woord *Katoliek* is, die woord beteken: "universeel"), "die groot universele Christelike kerk." En het die mense wat in tale gespreek en uitgeroep en die siekes genees het, ensovoorts, "ketters" genoem. En het dit uiteindelik so ingewikkeld gemaak sodat enigiemand wat gevang is om op daardie manier te aanbid, in die leeukuil gegooi is as hulle nie Katolisisme sou aanvaar nie. Dit het gegaan vir al hierdie honderde jare destyds van daardie vervolging. Maar daardie Kerk het nooit gesterf nie. Jy kan Dit nie doodmaak nie. God het gesê Dit sou tot die einde lewe en dan sou Hy Dit 'n kroon van die Lewe gee. Kom af deur daardie eeue van vervolging.

93 Toe het Martin Luther aangekom om die eeu voort te sit en hy het die kerk uitgeswaai onder regverdigmaking. Wat het gebeur toe Luther gesterf het? Hulle het dit georganiseer, dit 'n Lutherse kerk gemaak; hulle het 'n leerstelling gekry. Toe hulle dit georganiseer het, wat het hulle gedoen? Gee dit weer 'n geboorte reg terug in Romanisme. Presies reg.

Toe het die Heilige Gees daaruit beweeg en Wesley het Dit gesien. En Wesley, en Whitfield, en George Whitfield, en baie van daardie ander, en—en Asbury, en baie van hulle was groot herlewingspredikers. Hulle het die wêreld gered in daardie dag. Hulle het 'n herlewing in daardie Filadelfiese Eeu gehad wat Engeland gered het, en die Verenigde State ook. Hulle het byeenkomste gehad waar hulle uitgeskop en "heilige rollers" genoem is. Julle Metodiste was, het dit gedoen; hulle val op die vloer onder die krag van God, en hulle sal water in hulle gesig gooi en hulle waai. Dis reg. En hulle het so hard daaronder geruk, totdat hulle … totdat hulle gesê het "hulle het die rukkings gehad." Daar was mense wat sou ruk en skud onder die krag van die Heilige Gees. Dis Metodiste geskiedenis. Van daar af kom die Kwakers, ensovoorts; dat hulle dit nou georganiseer het.

94 Hulle het *hierdie* Metodis gemaak, Primitiewe Metodis, en *hierdie* soort Metodis, en *daardie* soort Metodis, totdat dit so laag geraak het dat die Metodiste mense die "Bloed" uit hulle gesangeboeke wil neem.

Hier nou die aand, op 'n televisieprogram (my ma het my gebel) het hulle 'n Metodiste pastoor gehad, net hier in Indiana, wat ruk-en-rol in die kerk onderrig het. Het gesê: "Dis 'n skande dat ons gefaal het om hierdie pragtige kuns te sien wat in die kerk ingaan."

Dis die duiwel in 'n valse profeet! Reg! Wil nie jou gevoelens seermaak nie, maar, broer, dis die God se Waarheid. Ek sou jou liewer 'n bietjie kwaad maak op hierdie manier en jou die Skrif laat bestudeer, miskien regkom met God, as om verlore te wees aan die einde. Jy mag dalk nou nie van my hou nie, maar eendag sal jy jou arm om my sit, sê: "Broer Branham, dis Waarheid." Hier is dit net hier, en hulle gaan daarin. Dis waar hulle … Dis net daar. Die Bybel het gesê hulle sou dit doen.

95 Dan van Wesley af, as Wesley dit gedoen het, toe het die Pinksters gekom. En hulle het die herstel van die gawes gekry, begin praat in tale, die Heilige Gees doop.

Net soos 'n koringkorrel uit die grond opkom. Die eerste ding, dit vrot. Bring 'n paar halms voort. Dan

… Jy het 'n mielieland, dink jy. Daardie halm word groot en maak 'n pluim. Hierdie eerste, was Lutheraan. Die pluim, wat was dit? Metodis; die stuifmeel, die broederliefde, die evangelisering, die stuifmeel wat uitgaan in die ander.

Wel, selfs die natuur maak aanspraak op hierdie kerkeeue. Metodis wat uit chaos kom … of, ek bedoel, Lutheraan wat uit chaos kom. Metodist wat sy broederliefde afskud, en evangelistiese dag, en die—en die dag van—van sending. Die grootste sendingdag wat die wêreld ooit geken het, was Metodiste tyd. Dis reg. Skud sy stuifmeel af.

96 Wat het daaruit gebeur? Uit daardie stuifmeel kom 'n koringaar, Pinksters. 'n Korrel, net soos dieselfde ding wat ingegaan het. Nie 'n blaar nie, nie 'n pluim nie, maar 'n korrel. En nou het die—die Pinksters fungus oral oor daardie korrel, totdat dit … jy kan skaars die korrel sien. Dis tyd om dit skoon te maak! Amen! Wat het hulle gedoen? Het dieselfde ding gedoen wat die Metodiste gedoen het. Een het vir hulle 'n klomp georganiseer, gesê: "Ons is die Gemeentes van God." Die ander een: "Ons is Pinkster Heiligheid." Nog een: "Ons is die Eenheid." "Ons is die Tweeheid." En—en daar's soveel *hiervan*, en soveel van hulle. Goeiste! Ry eenboggel-kameel, tweeboggel, drieboggel, elke ding. O, daar's sestig, of dertig, of veertig verskillende organisasies van hulle.

97 Wat het hulle gedoen? Het dit weer reguit teruggegooi in die Romanisme, gedoop in die doop van die Rooms Katolieke Kerk. Ek vra enige Pinkster om my te wys waar enigeen in die Bybel gedoop is in die naam van "Vader, Seun, en Heilige Gees." Ek vra enige biskop, kardinaal, enige leraar, om my te wys waar dit ooit, ooit buite die Katolieke kerk gedoen is. En Luther het dit saamgebring, hy het kategisme en alles anders daaruit gebring. Metodis het daarmee voortgegaan. Pinksters, julle behoort skaam te wees! Maak skoon! Kom terug na die Woord! Bekeer of God sal die kandelaar van jou af wegneem, die Lig wat jy het. Amen! Goed.

98 Neem die Heilige Gees uit as die Leier, en gee hulle 'n heilige orde van mense, en plaas hulle oor die lekedom. En moenie hulle "pastoor, skaapwagters," noem nie (ons is veronderstel om pastore genoem te word, "herders," wat die woord *pastoor* beteken) maar "vader, kardinaal, aartsbiskop, of algemene opsiener." Die ware mense het hierdie ding gehaat! En God het dit vir hulle onderskryf en gesê: "Ek haat dit, ook!" Omdat Hy veronderstel is om die algemene opsiener te wees, die aartsbiskop, en die pous. Hy werk met elke individu; nie 'n organisasie nie, maar 'n persoon.

Nou, vreemd genoeg … Luister, soos ons aan die einde kom. Ons het net nog een vers.

99 Hier het ons die dogma van Katolisisme se begin, apostoliese opvolging. Hoeveel weet dit? Apostolies. Nou sê die Katoliek dat "Die pous vandag is die opvolger van Petrus, apostoliese opvolging." Daar is nie soiets nie. Hoe is jou vleeslike, seksuele begeerte … Hoe was dit dat Esau en Jakob albei gebore is uit 'n heilige vader en 'n heilige moeder, en een van hulle 'n Christen en die ander een 'n duiwel? Uh-hum. Hoe kan dit wees? Want sonde is sonde, en seks is seks, maar God gee die Geboorte.

God kies ons uit van die grondlegging van die wêreld af. Het julle dit geweet? Wag totdat ons begin om hierdie geskiedkundiges te lees, en kyk hoe Irenaeus … hoe hy God prys omdat Hy hom gekies het voor die grondlegging van die wêreld; hoedat Sint Martin en al daardie, Hom lof gegee het; God, prys. Het gesê: "Omdat …" En mense wat van hom praat, sê: "Hy is gekies voor die grondlegging van die wêreld." Dis Skrif. Daardie broers was opgelyn met God. Maar hierdie ou swart kerk het deur daardie vyftienhonderd jaar van Donker Eeue gekom, die hele ding besmet soos 'n lamp wat rook, die Ligte verblind. "Maar dit sal Lig wees in die aandtyd," het die Here gesê.

100 Apostoliese opvolging, een na die ander een; een pous, en jy moet in die geslag van pouse wees voordat jy 'n pous kan wees. O, my goeiste! Dis onsin. Die—die lekedom … Nie die heilige en regverdige nie, maar die … laat die … laat—laat die priesters vir hulle bid en hulle uit hulle sondes bring, hulle sondes vergewe, geld betaal vir 'n belydenis.

Protestante doen dieselfde! Hulle probeer wees … klop hulle pastoor op die rug en lewe soos die res van die wêreld. En hy weet nie meer van God as wat hy doen nie … laat hulle in sy kerk bly en noem hulle lidmate van sy kerk, en laat hulle daar bly en bely aan hulle dat hulle gered is. Hoe sal hulle nie teleurgesteld wees op daardie dag as hulle nie wedergebore is nie! Sonder die Heilige Gees is jy verlore. Geen mens kan sê: "Jesus is die Christus," slegs deur die Heilige Gees nie.

101 Die ware Kerk in Efése is nie mislei deur hierdie gepoleerde, intellektuele toesprake nie. Hy … Hulle het dit gehaat. Hulle was nie mislei nie, hulle weet; die ware Kerk was nie.

Valse openbaring wat hierdie kêrels gehad het, genaamd Nikolaïete, wat nie met die Woord van God saamgewerk het nie. Sê vir my waar jy ooit "'n priester in belydenis" hier in die Bybel geleer sien word. Waar sien jy ooit "besprinkeling" hier in die Bybel geleer vir vergifnis van sonde? Waar sien jy ooit iemand gedoop in die naam van "Vader, Seun, en Heilige Gees" vir die vergifnis van jou sonde? Waar het jy dit ooit gesien: "Die regterhand van gemeenskap gee, en hulle naam op die kerkboek sit" daarin? Waar sien

jy ooit al hierdie goed? Wat is dit? Dis 'n priesterskap of 'n—'n geestelike wat nie reg is met die Woord nie, en hulle is Nikolaïete, en God het gesê: "Ek haat hulle!" Kom terug na die Woord. O, dis … Ek weet dis sterk, broers, maar ek—ek—ek is nie verantwoordelik nie; vir Jesus, stry met Hom.

102 Valse openbaring, nie met die Woord nie, maar het hulle "leuenaars, valse apostels, valse profete" genoem. Maar die ware Kerk het vasgehou aan die oorspronklike lering van Paulus en die doop van die Heilige Gees, met tekens wat die Woord wat Paulus geleer het, gevolg en bevestig het. Amen! Wys my waar God ooit die woord van besprinkeling sal bevestig. Wys my waar God ooit sal bevestig, en praat in tale en groot dinge bring, net deur hande te skud met die pastoor iewers en jou naam op die boek te sit; en steeds pruim, rook, drink, leuens vertel, kaartpartytjies, 'n bietjie pret hê, gaan … O, genade! Dis vleeslike, valse profeet, vriend. Ja, meneer.

103 Die weg van God is heiligheid. Laat dit bekend word aan elke lidmaat hier van die Liggaam van Christus: totdat jy 'n heilige lewe lei, weier God jou offer. Die offer moet met heilige hande geoffer word. Dit is …?… reg. Die hoëpriester voordat hy selfs kon inkom om die offerhande te offer, moes hy heilig wees, en toegewy, en gesalf, en geparfumeer, en alles, voor hy selfs in die teenwoordigheid van God kon wandel om die offerhande te offer. Is dit reg? Dan hoe kan jy hier uitgaan en bedrieg, en steel, en stry, en baklei met jou bure, en alles anders, en aangaan soos jy doen, en dan inkom en sê: "O Here God! Prys Jesus! Halleluja!"?

Mense sê: "Ek sien hulle praat in tale." Dit beteken steeds nie hulle het die Heilige Gees nie. "Ek hoor hulle skree." Dit beteken steeds nie hulle het die Heilige Gees nie. Die Heilige Gees is die lewe.

104 Die Bybel het gesê: "Die reën kom dikwels op die aarde om dit gereed te maak, om dit te bewerk vir waarvoor dit voorberei is," (Hebreërs 6) "maar dorings en distels wat naby aan verwerping is, waarvan die einde is om verbrand te word."

"Die son skyn op die regverdige en die onregverdige. Die reën val op die regverdige en die onregverdige." Die reën kom om die koringoes te maak (sal ons dit noem), en elke onkruid wat in die veld is. As die koring dors is, dan is die onkruid dors. En dieselfde reën wat die koring natmaak, maak die onkruid ook nat. Die klein ou koring sal sy kop oplig en skree: "Prys die Here! Halleluja! Halleluja! Ek is so bly om hierdie reën te kry!" Die klein ou onkruid sal skree: "Glorie aan God! Prys God! Halleluja! Ek is bly om Dit te kry."

"Maar aan hulle vrugte sal julle hulle ken." Dis reg. "Aan hulle vrugte sal julle hulle ken."

105 7de vers, en dan sluit ons af, hierdie is die laaste van die kerkeeu. Nou ons sal omtrent vyf minute laat wees, of tien, net 'n minuut.

> *Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die boom van die lewe wat binne-in die paradys van God is.*

Nou kyk, vriende, hier is die manier waarop julle oorwin. Eers moet jy oorwin, dan kan jy die vrugte eet. Dis die oorwinnaar. Onthou julle nou die aand, ons lering gisteraand? Johannes moes in die Gees kom voordat hy enigiets gesien het. En hoe gaan jy sit, sê: "As hy nie Baptis is nie, gaan ek nie na hom luister nie"? "As hy nie Presbiteriaans is nie, gaan ek nie na hom luister nie." "As hy nie presies leer wat my kerk leer nie, dan …" Jy—jy—jy gaan nie oorwin nie, jy is nog nie in die Gees nie. Jy is heeltemal buite orde.

Kom in die Gees, sê: "Here Jesus, ek het U lief, openbaar nou aan my enigiets wat U goedvind, bring dit net in vir my." Dan is jy—dan raak jy reg. Dis reg.

106 Let op, drie keer praat die Bybel van—van die Boom van die Lewe in Génesis, drie keer in die Boek van Openbaring. Nou die dag het ons dit gehad. Onthou? Sondag, gister. Die enigste … Die duiwel haat elke stukkie Skrif wat daar is, maar hy haat, erger nog, Génesis en Openbaring. Hy val Génesis aan omrede die egtheid daarvan, omrede hy mense wil laat glo dat Dit nie so was nie; "Génesis het nie gekom op die manier wat God gesê het hulle het nie, het iets anders gehad wat hierdie skepping en ding veroorsaak het." Dan val hy Dit so aan. En hy neem mense weg van Openbaring omdat Dit openbaar: Jesus as God, en hy wat die duiwel is (en hy is gedoem), en die heerlikheid van die geheiligde Kerk wat huistoe gaan na God, en die ondergang van die valse profeet, en hulle almal wat lieg en alles doen wat in die poel van vuur gewerp gaan word. Dis geen wonder hy hou hulle weg Daarvan nie. Maar, onthou, beide plekke spreek van die Boom van die Lewe in die Paradys.

107 Nou laat ons dit net 'n oomblik neem, en nou die "Boom." Johannes die 6de hoofstuk, as julle dit wil neerskryf, het Jesus gesê: "Ek is die—die—die Brood van die Lewe." Nou, onthou.

Nou gaan ons hierdie twee poste as 'n simbool hier gebruik. So, net voor afsluiting, nou. Nou, aan my regterkant is die boom in die tuin genaamd die Boom van "Lewe," aan my linkerkant is die boom in die tuin wat die boom van "kennis" genoem word. Hoeveel weet dat die Bybel sê dat daar 'n Boom van die

Lewe en 'n boom van kennis is? Nou, die mens moes lewe volgens hierdie Boom van die Lewe, nie om die boom van kennis aan te raak nie. Is dit reg? En die eerste keer wat hy dit aangeraak het, het hy homself van sy Skepper afgesonder. Hy het sy—sy gemeenskap met God verloor toe hy sy eerste byt van kennis geneem het. Nou, dink nou mooi. En julle wat julle notas skryf, sal ek tyd gee sodat julle dit kan kry, want ek wil nie hê julle moet dit mis nie.

108 Jesus, in Johannes 6. Hulle het uit 'n fontein gedrink en hulle hande opgegooi en 'n bespotting daarvan gemaak dat hulle vaders gedrink het van die geestelike Rots, ensovoorts. Hy het gesê: "Ek is daardie Rots wat in die woestyn was."

En hulle het gesê: "Hier sê Jy dat Jy 'voor Abraham was,' en Jy's 'n man wat nie ouer as vyftig jaar oud is nie. En Jy sê dat Jy 'Abraham gesien het'? Ons weet dit nou dat Jy mal is, Jy's 'n duiwel." Sien?

Hy het gesê: "Voor Abraham was, IS EK." EK IS was in die bos met Moses; die brandende bos, EK IS. "Voor Abraham was, IS EK"; nie "Ek was nie."

Nou, julle mense wat sê die dae van wonderwerke is verby, julle sou daardie Skrif moes laat sê: "Ek was die groot Ek was." Sien?

Nie "Ek was," of "Ek sal wees" nie; "EK IS," dis al die tyd. Hy's Ewig. Die woord "EK IS" is 'n Ewige, al hulle eeue, die hele tyd, in al sewe goue kandelare, elke kerk, elke plek, elke hart. "EK IS," (nie "Ek was" of "Ek sal wees nie") "Ek is reg nou net soos Ek altyd was." Sien? "Altyd, EK IS."

109 Hulle het gesê: "Ons vaders … Ons ken Jou nie. Ons weet Jy's 'n duiwel." Het gesê: "Ons vaders het manna geëet in die woestyn vir die verloop van veertig jaar."

En Jesus het gesê: "En hulle is elkeen dood." Dit reg? "Hulle is almal dood. Maar Ek …" O! "Ek is die Brood van die Lewe wat van God uit die Hemel kom. As … 'n Brood van die Lewe. As 'n man hierdie Brood eet, sal hy nooit sterf nie."

"Sal hierdie man Sy liggaam gee om te eet?" hulle het gesê: "Nou is Hy mal, verseker."

Die Brood van die Lewe was van die Boom van die Lewe, waar hulle geëet het, uit die tuin van Eden. Hy was die Boom van die Lewe. Nou, as die Boom van die Lewe 'n Persoon was, dan was die boom van kennis 'n persoon. Sê nou die slang het nie 'n saad gehad nie! As Lewe deur die Mens gekom het, het die dood deur die vrou gekom. Goed, sy was die boom van die dood.

110 Net sodra—sodra hierdie een haar verontreinig het, wat hy gedoen het (die slang), het sy gesê: "Die slang het my verlei." Dis reg. Nie 'n slang nie; hy was die subtielste van al die diere, hy was tussen 'n sjimpansee en 'n man. Saad van 'n dier sal nie kruis met 'n vrou nie, sal dit nie doen nie; maar hierdie kêrel was, hy was die volgende skakel daarheen. En God het so 'n vloek op hom geplaas, Hy het hom weer terug op sy maag geplaas, en geen bene nie, en elke been in hom geneem en dit verander van enigiets soos 'n man. Wetenskap wat dit in 'n veld probeer opgrawe. Dit is weggesteek in die verborgenhede van God, in die middel van die Paradys van God. Daar's jou openbaring.

111 Sy het haar eerste seun voortgebring wat Kain was (Is dit reg?), die seun van Satan, seun van Satan. As hulle nie het nie, waar het daardie—waar het daardie boosheid vandaan gekom? Uit Adam wat die seun van God was? Kom van die duiwel, sy vader. En hy het doodgemaak; eerste moordenaar was die duiwel, die duiwel se seun.

Kyk wat daarna gebeur het, hou die geslag van Kain dop. Verder af deur daardie geslag wat gevolg het, na Kain, was elke een wetenskaplike en groot manne. Lees die Bybel. Hulle het huise gebou, hulle werk met metaal, en hulle was wetenskaplikes. Maar elkeen wat van Set af kom, (met Abel wat gesterf het, 'n tipe van Jesus, het gesterf; en Abel het gesterf, en Set het sy plek ingeneem: dood, begrafnis en opstanding.) … van sy kant kom nederige kleinboere, skaapwagters het daardeur afgekom.

112 Nou Jesus het gesê: "Julle vaders het manna geëet in die woestyn en hulle is almal dood. Maar Ek is daardie Brood van die Lewe," (Watter Brood van die Lewe? Van Eden af!) "Dat 'n mens mag eet van hierdie Brood en nooit sterf nie." Nou, God het 'n Engel om daardie Boom van die Lewe gesit, om dit te bewaak dat niemand dit kon aanraak nie, tensy hulle daardie Boom sou eet en vir ewig lewe. Is dit reg?

Want hulle moes voortgaan op hierdie boom en sterf. Is dit reg? Want, solank hulle daaraan moes eet, het hulle gesterf. En net so seker as wat jy sterf omdat jy van daardie boom van kennis eet … Nou, laat ons nou na daardie boom van kennis kyk. Kyk wat dit gedoen het. Nou laat ons sien wat dit gedoen het. Die eerste ding, laat ons sien, dit … Wel, laat ons een sien wat hulle … dit het buskruit uitgevind. Dit maak ons kamerade dood. Dis reg, maak mekaar dood met buskruit, van die boom van kennis af. Die volgende ding wat ons gedoen het, goeiste, laat ons sien, ons—ons het die outomobiel uitgevind, van daardie boom van kennis af. Dit maak meer dood as buskruit. O, ja! Nou het ons 'n waterstofbom. God vernietig niks nie, die mens vernietig homself deur sy kennis.

113 Maar alles wat aan God behoort, God sal dit weer oprig; God verloor niks. Jesus het so gesê, dis reg: "Hy wat hierdie Brood eet, het Ewige Lewe, en Ek sal hom weer opwek in die laaste dag." Dis Sy belofte. Nou, God …

Hulle is ver voor, eet aan die boom van kennis en sterf. Maar sodra hulle by hierdie Boom kon kom, sou hulle vir ewig lewe.

So nou in plaas van 'n Engel daarbuite wat hulle weghou van hierdie Boom, dis daarbuite wat hulle na hierdie Boom dryf; die engele van die kerke, die sewe kerke, bring hulle terug na die Naam van Jesus Christus wat die Boom van die Lewe is wat in die Paradys van God staan. Sjoe! Goeiste! Ek hoop julle begryp dit. Die Boom van die Lewe staan in die Paradys van God sodat julle van Hom mag deel en seun en dogter van God word en vir ewig lewe. "Hy wat My Woorde hoor en glo in Hom wat My gestuur het, het die Ewige Lewe, en sal nooit in die oordeel kom nie, maar het van die dood tot die Lewe oorgegaan."

114 Broer, suster, nou is ek … Ek … Sekerlik, ek het … Ek—ek het julle gesny, julle seergemaak. Ek—ek het nie bedoel om dit so te doen nie. Sien? God weet dit, maar ek moet dit op hierdie manier doen om julle te laat sien waar ons is. Ek glo nie ons het baie langer om te bly nie. Ek probeer julle nie ontchristen omdat julle aan 'n organisasie behoort nie. Dis nie dit nie. Die mense is 'n slagoffer van omstandighede. Hulle weet niks om te doen nie; al wat hulle ouers altyd gedoen het is om by die kerk aan te sluit en dinge.

Maar, broer, een ding voor ons gaan, laat ek nog hierdie een aanhaling maak. Die profeet het gesê … Glo julle die profete? Die Bybel het gesê om na hulle te luister. Die profeet het gesê: "Daar sou 'n tyd kom dat daar nie dag of nag sou wees nie, maar dit sou 'n soort van 'n somber dag wees. Maar in die aandtyd, net voor die son sak, sal dit Lig wees." Is dit reg?

115 Nou kyk wat ons gehad het. Nou, laat ons net kyk. Hoe maak die son … Waar kom die son op, geografies? In die ooste. Is dit reg? Dit gaan onder in die weste. Ek het gewens ek het … Ek sal die kaart môreaand neem en julle wys. Toe die Heilige Gees in Jerusalem geval het, het Dit 'n volmaakte figuur agt gemaak, Sy spoor. Dit gaan reguit oor op na Ierland, reg terug, regoor, en kom na die Weskus, en val weer reg terug; 'n volmaakte figuur agt waarheen die Evangelie gegaan het. Nou, beskawing het saam met die son beweeg. Hoeveel weet dit? Julle is dit geleer en weet dit. Die oudste beskawing wat ons het, is China, en dan kom sy reguit aan oor in die oosterse. En wanneer die Heilige Gees, nie s-o-n nie, maar S-e-u-n …

116 Wanneer die son, die s-o-n, begin skyn deur die newel en mis van die nag, maak nie saak waar die saad is nie, dit sal lewe; omdat alle plantlewe lewe deur die son. Ons weet dit. Jy kan beton gooi regoor 'n stuk gras, en volgende lente, waar is die dikste gras? Reg daar die kant van die beton. Hoekom? Dis daardie lewe daaronder, jy kan nie die regte lewe wegsteek nie. Daardie lewetjie, sodra dit weet dat die son daardeur baai, sal dit sy weg wurm vir 'n halwe stadsblok amper, om onder daardie beton deur te gaan totdat dit sy kop reg in die lug kan steek en God kan prys.

Jy kan nie Lewe wegsteek nie. Dis reg, LEWE. Wanneer jy wedergebore is, kan jy Dit nie wegsteek nie. Iets moet uitroep wanneer jy Lewe het.

117 Nou, al die dinge wat nou dood is, en die—die saadjies is oopgebars, die pulp het uitgeloop, en dis dood, maar die lewe is steeds daar. Nou, wanneer die son begin skyn in die lente, sal die blommetjies opkom, en alles sal sy kop weer opsteek (uit onder die splinters, uit onder die stompe, uit onder die rotse), dit sal weer opstaan en weer lewe. Is dit reg? Want die s-o-n skyn.

Nou, eendag sal die S-e-u-n skyn, wat die Outeur van Ewige Lewe is, en alles wat vir Hom ontkiem is vir Ewige Lewe, het Hy gesê: "Ek sal dit opwek in die laaste dag." Sien julle wat ek bedoel? Ewige Lewe sal opgewek word in die laaste dae. As hulle jou in die see begrawe, of hulle jou liggaam verbrand en dit swaai na die vier winde van die aarde, sal God dit opwek in die laaste dag. As jy die maag van 'n honger leeu moet vul, of—of in 'n vlammende kuipe moet ingaan wat al die—die—die sestien petroleums en kosmiese ligte en alles uit jou sal wegneem, sal God dit oprig. "Die hare van jou hoof is getel." Amen! God sal dit oprig!

Nou, kyk hier. Nou, as elke man deur die vrou sterf, dan lewe elke man deur die Man. Neem deel aan die vrou in daardie soort lewe, jy weet jy sal sterf. Daar is geen uitweg daaruit nie, jy gaan sterf. En so seker as wat jy Daarvan neem, gaan jy lewe; daar's geen manier daaruit nie, jy moet lewe. Amen! As dit die dood positief produseer, produseer Dit Lewe positief. Dis die enigste manier wat jy dit kan ontvang, is om Lewe te hê.

118 Nou, die profeet het gesê, dat: "Dit sal Lig wees in die aandtyd." Nou kyk. Hy het gesê daar sal 'n dag wees wat somber sal wees, dit sal nie dag of nag genoem word nie. Dis soort van 'n bewolkte, mistige, koue dag, maar tog gee die Seun die Lig. Ver bo bokant daardie mis en wolke, ensovoorts, gee die Seun die Lig. Dit gee genoeg Lig sodat jy kan loop en jy kan sien waar om te gaan, ensovoorts, maar

tog is dit—dit nie helder, mooi dag nie. Sien? Nou, niks kan skaars in daardie dag lewe nie.

As jy enigiets sou plant onder waar die son dit nie tref nie, is dit verdwerg. Is dit nie reg nie? Julle boere weet dit. Sit die mielies daar in die skaduwee of iewers, kyk, dit verdwerg dit. Fred, jy behoort dit te weet deur jou koring. Jy sit dit daarbuite, en as jy 'n slegte somer het, o, koud en reënerig, verdwerg dit dit.

119 Wel, dis wat die probleem is met die kerk af deur hierdie eeue, dit was verdwerg. Dit is verdwerg deur denominasies: "Plaas jou naam op die boek. Ons het genoeg Lig gehad om te weet dat daar 'n God is." Ek is bly daaroor. "Ons het genoeg Lig gehad om te weet dat daar 'n Christus is, daar's 'n oordeel wat kom. Ons het Lig gehad; so ons het ons name op die boeke gesit, ons het hande geskud met die pastoor, ensovoorts, en dit gedoen." Goed, maar dis nou die aandtyd.

Nou, beskawing kom van die ooste na die weste, en nou is ons aan die Weskus. Ons kan nie verder gaan nie; ons gaan oor, ons is weer terug in die Ooste. Ons kan nie verder gaan nie, ons is by die Weskus.

120 Nou, die Bybel het gesê: "In die Aandtyd sou die Lig kom." Nou, watter soort son wat skyn in die aandtyd? Is dit 'n ander son as wat opkom in die oggend? Dis dieselfde son. Is dit reg? Wel, dan, wat het God belowe? Nou gaan ons hierby kom, dit hou, reg hier op *hierdie* eeu. Die Bybel het so gesê, ek sal dit bewys, hierdie kerkeeue, soos ons voortgaan, dat: "In die aandtyd sal daar 'n Lig uitbreek in die Weste wat die Son van Geregtigheid weer sal terugbring met genesing in Sy vlerke. En dieselfde tekens en dieselfde wonders wat hier in die Ooste gedoen is, sal hier in die Weste gedoen word, met nog 'n uitstorting van die Heilige Gees in die laaste dag."

Dit sal Lig wees in die aandtyd,
Die pad na Heerlikheid sal julle sekerlik vind;
Op daardie waterweg, is Dit die Lig vandag,
Begrawe in die kosbare Naam van Jesus.
Jonk en oud, bekeer jou van al jou sonde,
Die Heilige Gees sal sekerlik ingaan;
Die Aandligte het gekom,
Dit is 'n feit dat God en Christus een is.
O, dit sal Lig wees in die aandtyd,
Daardie pad na Heerlikheid sal jy sekerlik vind;
Op hierdie waterweg is die Lig vandag,
Begrawe in die kosbare Naam van Jesus.
Jonk en oud, bekeer jou van al jou sonde,
Die Heilige Gees sal sekerlik ingaan;
Daardie Aandligte het gekom.

Dieselfde ding wat Petrus gesê het: "Laat dit aan julle bekend word, dat God hierdie selfde Jesus, wat julle gekruisig het, beide Here en Christus gemaak het. Bekeer julle, elkeen van julle" het hy gesê: "en word gedoop in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van julle sondes."

121 Laat ek julle iets vertel. Soos ek nou die dag gepraat het oor die dokter se voorskrif. Mense hou nie daarvan om die *dokter se voorskrif* te neem nie. As hy 'n—'n middel het wat jou siekte sal genees, en jy weer faal … jy weier om dit te neem, is dit nie die dokter se skuld dat jy sterf nie. Nee, meneer. Dis jou skuld, want jy weier om dit te neem.

En nou, as die dokter 'n voorskrif skryf en hy … en jy neem daardie voorskrif na 'n kwak-apteker, en hy sit iets daarin wat nie daarin behoort te wees nie, dit sal jou ook doodmaak. Is dit reg? Daardie dokter het dit bestudeer totdat hy weet daar is soveel van daardie voorskrif wat gif is, om daardie goggas wat in jou liggaam is, dood te maak; en daar's genoeg teenmiddel daarin om die gif te versteur dat dit jou nie sal doodmaak nie. En dit moet gelyk wees. As jy teveel teenmiddel insit, sal dit nie die pasiënt help nie; teveel gif insit, sal dit hom doodmaak. Dit moet gebalanseerd wees.

122 Die vraag was: "Is daar geen balsem in Gilead nie? Is daar geen geneesheer daar nie?" het die profeet gesê. "Waarom word die siekte van My dogter dan nie genees nie?" Wat is die probleem met die kerk? Wat is die probleem dat ons teveel ou siek kerke het? Want ons het 'n paar kwak-aptekers gehad wat die Voorskrif verkeerd uitgegee het. Dis reg. Hy het nooit gesê: "Vader, Seun, Heilige Gees." Hy …

Wat het die Voorskrif gesê? Hier is Petrus. Hoeveel weet hy het die sleutels tot die Koninkryk gehad? Jesus het so gesê. Wat het Hy gesê? Met ander woorde, hy het die inkpen vir die Voorskrif.

Toe hulle dit alles oraloor gehoor het, (hulle het gegil, geskree, in tale gepraat, en so 'n tyd gehad) en hulle het gesê: "Hierdie manne is vol nuwe wyn."

Petrus het gesê: "Hierdie is nie vol nuwe wyn, soos julle veronderstel nie, siende dat dit die derde

uur van die dag is. Maar dit is dit waarvan gespreek is deur die profeet Joël: 'Dit sal gebeur in die laaste dag, sê God: 'Ek sal My Gees uitstort op alle vlees. Julle seuns en julle dogters sal profeteer, en op my diensmaagde en diensknegte sal Ek uitstort van My Gees, en hulle sal profeteer. En Ek sal tekens toon in die hemele daarbo, en op die aarde daaronder; vuur, en rook, en damp. En dit sal gebeur dat elkeen wat die Naam van die Here aanroep, nie … sal gered word.'"

123 En verder het hy oor Dawid gesê, hy het gesê: "Patriarg Dawid het dit vooruitgesien, en hy het gesê: 'Verder sal my vlees rus in hoop, omdat Hy nie my siel in die hel sal laat bly nie, en Hy sal ook nie Sy Heilige verderwing laat sien nie.' Laat my vryelik met julle praat, broers, van die aartsvader Dawid. Hy's beide dood en begrawe, en sy graf is saam met ons tot vandag toe. Sien, maar hy, as 'n profeet, het die opstanding van Christus gesien. Laat dit aan julle bekend word dat hierdie Jesus wat julle met bose hande gekruisig het, God het Hom beide Here en Christus gemaak."

Toe hulle dit gehoor het, is hulle in hulle hart getref en het gesê: "Manne en broers," of: "Dr. Simon Petrus, skryf vir ons die Voorskrif. Hoe kan ons Dit kry? Ons wil 'n kuur vir sonde hê." O!

124 Nou hou hom dop, wat hy gesê het. Nou vind julle uit waar hierdie kerke die spoor byster geraak het. Hy het gesê: "Wag 'n oomblik! Ek gaan 'n Voorskrif skryf, en dit gaan 'n Ewige Voorskrif wees. Dit sal wees vir julle, en vir julle kinders, en vir hulle wat daar ver is, en selfs soveel as wat die Here ons God sal roep."

Wat het hy gesê? Hoe het hy dit reggemaak? Soos die Katoliek dit het? Soos die Baptis dit het? Soos die Metodis dit het? Elkeen van hulle het iets bygevoeg of iets Daaruit geneem. Soos die Pinksters? Hulle het bygevoeg of weggeneem. Maar wat het hy gesê? "Bekeer julle, elkeen van julle, en word gedoop in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van julle sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang." 'n Ewige Voorskrif! "Dis vir jou, en vir jou kinders; dit sal regdeur elke kerkeeu duur, Dit aan elkeen van hulle gee."

125 O God, reinig my hande. Reinig my hart, Here. Mag … As dit elke vriend neem wat ek het, laat ek die Voorskrif gee soos die Dokter gesê het om Dit te gee.

Dis waarom jy soveel dooie kerke het, soveel dooie lidmate. Jy voeg teenmiddel by, en neem soveel Daarvan weg totdat die Voorskrif glad nie ditself is nie, dit sal nie eens enigiets genees nie; hande skud, en by kerke aansluit, en besprinkeling. O, genade, dis nie die Voorskrif nie, dis dood. As jy Lewe wil hê, en die Heilige Gees wil hê, volg wat God gesê het om te doen. Neem die Voorskrif! Dis presies hoe hy gesê het: "Moenie Daarby voeg of Daarvan wegneem nie." Dan hier kom die Openbaring reguit en het gesê: "Wie ook al wegneem of byvoeg, dieselfde sal weggeneem word (sy deel) uit die Boek van die Lewe." O, goeiste, dis die hoof Dokter. O, ek het Hom lief. En julle?

126 O, tot daardie groot eeu, van die Efésiese Eeu, toe hierdie dwaalleer net begin inkruip het om organisasies te maak. En pastore en diakens … of nie diakens nie, maar pastoor … nie pastore nie, maar Kardinale, biskoppe, pouse, opsieners van die kerk, vertel die Heilige Gees, vertel die Kerk: "Nou, julle kan dit nie hierbinne hê nie!" Wie is die baas, in elk geval?

Petrus is dit eenkeer gevra. Het gesê: "Jy kan nie meer in Jesus se Naam preek nie. Jy kan preek as jy wil, maar nie in Jesus se Naam nie." O, die Duiwel haat daardie Naam!

Petrus het gesê: "Is dit reg vir my om …" Die Bybel het gesê: "Petrus, vol van …" (die denominasie?) O, ag, "… die Heilige Gees." Het gesê: "Wag, ek sal die algemene opsiener gaan sien, om te sien wat hy my sê om Hieroor te doen."

127 Laat ek julle vertel. Het julle geweet die Gemeentes van God het 'n psigiater om te oordeel, en om hulle sendelinge voor 'n psigiater te gaan neem, om te sien of daardie man verstandelik in staat is om 'n sendeling te wees? Pinkster Gemeentes van God. Hoeveel het dit ooit gehoor? Sekerlik, dis reg deur, almal weet. Sekerlik. Wie moet na die sendeling kyk en die regter wees, die psigiater of die Heilige Gees? Sien, dis wat jy kry deur 'n mens te hê. Sien, mensgemaakte teorieë, mensgemaakte leerstellings. Wag tot ons by daardie Pinkstereeu kom! God sal daardie ding verbrand net so seker as die wêreld. Ja, meneer. Ja, inderdaad. En julle sal sien dit raak aan die brand al die pad. Uh, hum. Presies.

128 Maar een of ander glorieryke dag sal Hy kom. En onthou, luister, daar's sewe kerkeeue. Is dit reg? Daar's sewe kerkeeue. En julle onthou toe hulle uitgegaan het om die Bruid—Bruidegom te ontmoet, het party aan die slaap geraak in die eerste waak (Is dit reg?), die tweede waak, (sekerlik, nie—nie gesterf nie, aan die slaap geraak) derde waak, vierde waak, vyfde waak, sesde waak; en in die sewende waak het 'n geluid gekom: "Kyk, die Bruidegom kom! Gaan uit om Hom te ontmoet!" Wat het gebeur? Al daardie maagde wat geslaap het, het wakker geword.

Op daardie helder en wolklose oggend wanneer die dooies in Christus sal opstaan,
(wolkloos, die Aandligte sal skyn).
En die oggend breek Ewig, helder en mooi;

Wanneer die gereddes op aarde vergader in hulle huise anderkant die lug,
Wanneer die rol daar oorkant opgeroep word, sal ek daar wees.
Wanneer die rol daar oorkant opgeroep word,
Wanneer die rol daar oorkant opgeroep word,
Wanneer die rol daar oorkant opgeroep word,
Wanneer die rol daar oorkant opgeroep word, sal ek daar wees.
Laat ons arbei vir die Meester van die dagbreek tot sononder,
Laat ons praat van al Sy wonderlike liefde en sorg;
Dan wanneer die hele lewe verby is en ons werk op aarde klaar is,
Wanneer die rol daar oorkant opgeroep word, … Elke kind van God steek nou julle hande op:
Wanneer die rol daar oorkant opgeroep word,
Wanneer die rol daar oorkant opgeroep word,
Wanneer die rol daar oorkant opgeroep word,
Wanneer die rol daar oorkant opgeroep word, sal ek daar wees. (O!)
In die soet volheid van tyd,
Ons sal ontmoet op daardie pragtige oewer;
In die soet volheid van tyd,
Sal ons ontmoet op daardie pragtige oewer.

129 Hou julle van die ou liedere van die kerk? O!
Aan ons oorvloedige Vader daarbo,
Sal ons ons lofprysing bring,
Vir die heerlike gawe van Sy liefde,
En die seëninge wat ons dag heilig.
In die soet volheid van tyd,
Sal ons ontmoet op daardie pragtige oewer;
In die soet volheid van tyd,
Sal ons ontmoet op daardie pragtige oewer.

Nou skud hande met iemand om jou, oral rondom soos dit. Dis goed.
Soet volheid van tyd, (sê: "Ek sal jou broer ontmoet")
Sal ons ontmoet op daardie pragtige oewer;
In die soet vollheid van tyd,
Sal ons ontmoet op daardie pragtige oewer.
Ons sal sing op daardie pragtige oewer,
Die melodieuse lied … (almal sing dit nou)
En ons gees sal nie meer treur nie,
Nie 'n versugting vir ons seëninge van rus nie.

Almal, met julle hande op:
In die soet volheid van tyd,
O, sal ons ontmoet op daardie pragtige oewer;
In die soet volheid van tyd,
Sal ons ontmoet op daardie pragtige oewer.

130 Met ons hoofde nou gebuig, laat ons dit sê: Here Jesus, [Gemeente sê: "Here Jesus," — Red.] Ek het U lief. ["Ek het U lief."] Ek glo ["Ek glo"] dat Jesus Christus ["dat Jesus Christus"] die Seun van God is, ["die Seun van God is,"] God gemanifesteer ["God gemanifesteer"] in die vlees ["in die vlees"] om my sonde weg te neem. ["om my sonde weg te neem."] Ek vertrou nie my verdienste nie, ["Ek vertrou nie my verdienste nie,"] ek het niks, ["ek het niks,"] maar ek vertrou plegtig ["maar ek vertrou plegtig"] in die verdienste ["in die verdienste"] van Jesus Christus ["van Jesus Christus"] wat my Verlosser is, ["wat my Verlosser is]," my God, ["my God,"] my Koning. ["my Koning."] Ek het Hom lief. ["Ek het Hom lief."] Amen. ["Amen."]

131 Môreaand om sewe-uur, as die Here wil, sal ons die kerk van Smirna neem.
In die lieflike … (met ons hoofde nou gebuig) … O, volheid van tyd,
Sal ons ontmoet op daardie pragtige oewer, in die volheid van tyd;
In die soet volheid van tyd,
Sal ons ontmoet op daardie pragtige oewer.

Nou saggies, almal, saggies:
O, aan ons oorvloedige Vader daarbo,
Sal ons ons lofprysing bring,
Vir die heerlike gawe van Sy liefde …

[Broer Branham vertrek terwyl gemeente die koor voortsit — Red.]

MESSAGE hub online

www.messagehub.info

Preke Gelewer Deur

William Marrion Branham

"… in die dae van die stem …" Openb. 10:7